FISIESE, SEKSUELE EN EMOSIONELE KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING : 'N ARGIEFSTUDIE

Jeanne-Lu Bruwer

BSc. HONS. (Sielkunde)

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Natuurwetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier : Mnr. H.R.Steel (MA)

Maart 2007

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

05/03/07
DATUM

Taalkundige versorging deur: A. Avenant (MA) US

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die doel van die ondersoek was om die verskille wat tussen seuns en dogters rondom die veranderlikes van kindermishandeling en -verwaarlosing voorkom, hetsy dit fisiese, seksuele of emosionele kindermishandeling en verwaarlosing is, vas te stel, te beskryf en te verklaar.

'n Literatuurstudie oor kindermishandeling en –verwaarlosing is onderneem. Daar is hoofsaaklik gefokus op verskillende veranderlikes wat verband hou met kindermishandeling en –verwaarlosing, naamlik geslag, ouderdom, tipe mishandeling, algemene welsyn van die kinders en die tipe besering wat hulle opgedoen het, sosiale verhoudings, maatskaplike omstandighede, ekonomiese omstandighede as ook die veranderlikes wat verband hou met die oortreder van kindermishandeling en verwaarlosing.

Argiefmateriaal van 256 kinders (124 seuns en 132 dogters) van Tygerbeer Kinder-hospitaal, by Tygerberg Hospitaal, is ondersoek. Die deelnemers was almal agtien jaar of jonger en het by die hospitaal aangemeld tussen 01 April 2004 en 31 Maart 2005. Omvattende verslae van die maatskaplike werkers en bekendstellingsvorms is as die databronne vir die argiefstudie gebruik, waarna beskrywende statisitiek ten opsigte van die veranderlikdes van kindermishandeling en –verwaarlosing geïdentifiseer en ontleed is.

Uit die resultate blyk dit dat vir die totale groep, word kinders beduidend meer seksueel mishandel, terwyl seuns beduidend meer verwaarloos word en dogters weer beduidend meer seksueel mishandel word. Vir die totale groep was die mees algemene besering geslagsdeelbeserings, terwyl die seuns se beserings van 'n meer fisiese aard was en die dogters s'n van 'n meer seksuele aard. Verder is daar ook gevind dat, vir die totale groep kinders het mishandeling en verwaarlosing beduidend meer in die middag plaasgevind, terwyl seuns meer gereeld in die aand mishandel is en dogters weer meer gereeld in die oggend mishandel is. Moeders was meer geneig om hul seuns te verwaarloos as hul

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dogters, terwyl vaders geen onderskeid getref het tussen seuns en dogters wanneer hulle kinders mishandel of verwaarloos het nie. Vir die totale groep word kinders beduidend meer deur oortreders tussen die ouderdom van 22 en 34 jaar mishandel, maar seuns word meer gereeld as dogters deur oortreders tussen die ouderdom van 13 en 21 jaar mishandel. Die ouderdomme van oortreders wat seuns seksueel mishandel, het beduidend verskil van die ouderdomme van die oortreders van die ander tipes mishandeling teenoor seuns. Dogters het weer meer gereeld as seuns die voorval by die polisie gaan aanmeld en byna al die voorvalle het by die huis plaasgevind. Laastens is daar ook bevind dat, vir die totale groep misbruik beide die vaders en die moeders beduidend meer alkohol as wat hulle enige ander substans misbruik en dat die vaders van seuns wat mishandel of verwaarloos word, beduidend meer alkohol misbruik as die vaders van dogters wat mishandel of verwaarloos word.

Hierdie studie is oorwegend 'n beskrywende ondersoek, met sekere van die bevindinge wat wel verklaar is. 'n Groot aantal van die bekendstellingsvorms was nie volledig voltooid nie, maar is ten spyte daarvan by die studie ingelsuit om vas te stel tot in watter mate inligting rondom die veranderlikes van kindermishandeling en –verwaarlosing nie beskikbaar is nie. Om die kwaliteit van verdere navorsing oor kindermishandeling en verwaarlosing, veral in die Wes-Kaap, te verbeter, sal die betrokke organisasies 'n sterker poging moet aanwend om die kwaliteit van data-insameling te verhoog, sodat meer volledige inligting beskikbaar kan wees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The aim of the study was to identify, describe and explain the differences between boys and girls regarding the different variables of child abuse and neglect.

A review of the literature concerning child abuse and neglect was undertaken. Emphasis was placed on the different variables that correlate with child abuse and neglect: gender, age, type of abuse, general wellbeing and type of injuries, social relationships and circumstances, economical circumstances and the different variables that are related to the perpetrator of child abuse and neglect.

Archive material of 256 children (124 boys and 132 girls) from Tygerbear Children's Hospital, at Tygerberg Hospital, were researched. All the subjects were eighteen years or younger and reported at the Hospital between 01 April 2004 and 31 March 2005. Comprehensive reports drawn up by social workers were used to capture data from which the different variables and statistics of child abuse and neglect were identified, described and explained.

Findings from the data indicate that sexual abuse was the most common form of abuse for the whole group of subjects. Boys are neglected more often than girls and they experienced more physical injuries than girls. Girls, on the other hand, are more prone to sexual abuse and experience more injuries of a sexual nature, while in total the whole group presented with injuries of a more sexual nature than any other type of injury. The findings also indicate that boys are abused or neglected more often in the evenings compared to girls who are abused or neglected more often during the mornings, but for the whole group, abuse takes place more often during the afternoon. Mothers tend to abuse or neglect boys more often than girls, while fathers do not usually abuse one gender more than the other. Boys compared to girls are more often abused by perpetrators between the ages of 13 and 21, but for both genders in total the perpetrators of abuse are between 22 and 34 years of age. Further analysis of the type of abuse and age of the perpetrator indicated that the perpetrators of sexual abuse against boys, was significantly different from the age of the perpetrators of the other types of abuse and neglect against

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

boys. Most of the cases of child abuse and neglect happened at home and it was the girls who reported the offences to the police more often than the boys. The last finding indicated that the fathers and the mothers of the whole group abused alcohol significantly more often than any other substance. And that the fathers of boys who are abused or neglected, are significantly more likely to abuse alcohol than the fathers of girls who are abused or neglected.

This study is mainly descriptive, while some of the findings were explained. A number of the reports were not fully completed, but were still included in the study to develop an understanding of the amount of information regarding child abuse and neglect that were not available. To improve the quality of future research on child abuse and neglect, especially in the Western Cape, efforts should be made by organizations to capture data of child abuse and neglect more carefully and completely.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Ek spreek hiermee graag my dank en waardering uit teenoor die volgende instansies en persone:

- Mnr Steel (MA) en Hugo Theron (MSc, Kliniese Sielkunde, US) vir studieleiding
- Die Tygerbeer Eenheid vir getraumatiseerde Kinders by Tygerberg Hospitaal
- Riaan Conradie (MSc, Biochemie, US) vir ondersteuning en hulp met die verwerking van die data
- Al die maatskaplike werkers by die Eenheid
- Familie vir ondersteuning en bystand
- Mej. A. Avenant (MA, US) vir Taalkundige versorging

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
LYS VAN DIAGRAMME	vii
LYS VAN TABELLE	viii-xii
HOOFSTUK 1	1-3
INLEIDING, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK	
1.1 INLEIDING EN MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK	1
1.2 DOELSTELLING	2
1.3 DIE AARD VAN DIE ONDERSOEK	3
HOOFSTUK 2	4-18
LITERATUUROORSIG	
2.1 FISIESE, SEKSUELE EN EMOSIONELE KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING	4
2.1.1 Inleiding	4
2.2 FISIESE, SEKSUELE EN EMOSIONELE KINDERMISHANDELING	4
2.2.1 Die voorkoms van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling	4
2.2.2 Gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kinder-	

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mishandeling 6

2.2.2.1 Faktore wat verband hou met die ernstigheid van die gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling 6

2.2.2.2 Korttermyn en langtermyn gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling 7

2.2.2.3 Emosionele gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling 8

2.2.2.4 Gedragsgevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling 9

2.2.2.5 Psigiatriese gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling 10

2.2.2.6 Seksuele gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling 10

2.3 KINDERVERWAARLOSING 10

2.3.1 Voorkoms van kinderverwaarlosing 10

2.3.2 Gevolge van kinderverwaarlosing 11

2.3.2.1 Gedragsgevolge van kinderverwaarlosing 11

2.3.2.2 Emosionele gevolge van kinderverwaarlosing 12

2.3.2.3 Psigiatriese gevolge van kinderverwaarlosing 12

2.3.2.4 Kognitiewe gevolge van kinderverwaarlosing 13

2.4 OMSKRYWING VAN KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING 13

2.4.1 Inleiding 13

2.4.2 Omskrywing van seksuele kindermishandeling 14

2.4.3 Omskrywing van fisiese kindermishandeling 16

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.4.4 Omskrywing van emosionele kindermishandeling 16
2.4.5 Omskrywing van verwaarlosing 17

HOOFSTUK 3 19-23

METODE VAN ONDERSOEK

3.1 DEELNEMERS 19

3.2 DATABRONNE 19

3.2.1 Die bekendstellingsvorms en verslae van maatskaplike werkers 19

3.3 PROSEDURE EN ONDERSOEKDIMENSIES 21

3.3.1 Tipe mishandeling of verwaarlosing: 21
3.3.1.1 Voorkomssyfer van die tipe mishandeling of verwaarlosing en die ontleding van die ouderdomme 21

3.3.2 Algemene Welsyn: 22
3.3.2.1 Die tipe beserings opgedoen 22
3.3.2.2 Die area waar mishandeling plaasgevind het 22
3.3.2.3 Tyd wanneer mishandeling plaasgevind het 22

3.3.3 Sosiale verhoudings: 22
3.3.3.1 Huwelikstaat van die ouers 22
3.3.3.2 Huweliksverhouding van die ouers 22
3.3.3.3 Verhouding tussen die proefpersone en hul moeders 22
3.3.3.4 Verhouding tussen die proefpersone en hul vaders 22
3.3.3.5 Verwysings na Eenheid 22

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.3.3.6	Polisiebetrokkenheid	22
3.3.4	Maatskaplike omstandighede:	22
3.3.4.1	Behuising en omgewing: Inwonertal	22
3.3.4.2	Substansmisbruik deur die ouers	22
3.3.4.3	Kriminele rekord van die ouers	22
3.3.5	Ekonomiese omstandighede:	22
3.3.5.1	Werkrekord van die ouers	22
3.3.5.2	Inkomste per maand	22
3.3.6	Oortreder van kindermishandeling en -verwaarlosing:	22
3.3.6.1	Wie is die oortreder	22
3.3.6.2	Ouderdom van die oortreder	22
	HOOFSTUK 4	**24-60**

RESULTATE

4.1	EERSTE DIMENSIE: TIPE KINDERMISHANDELING OF – VERWAARLOSING	24
4.1.1	Voorkomssyfer van die Tipe Mishandeling en Verwaarlosing en ontleding van die Ouderdomme	24
4.2	DIMENSIE TWEE: ALGEMENE WELSYN	27
4.2.1	Ontleding van die tipe beserings	27
4.2.2	Area waar die mishandelings plaasgevind het	29
4.2.3	Tyd wanneer mishandelings plaasgevind het	31
4.3	DIMENSIE DRIE: SOSIALE VERHOUDINGS	33
4.3.1	Huwelikstaat van die ouers	33

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.2	Kenmerke wat die huweliksverhouding van die ouers beskryf	35
4.3.3	Beskrywing van die verhouding wat die kinders met hul moeders het	37
4.3.4	Beskrywing van die verhouding wat die kinders met hul vaders het	39
4.3.5	Wie het die kinders na die Eenheid verwys?	41
4.3.6	Polisiebetrokkenheid	43
4.4	DIMENSIE VIER: MAATSKAPLIKE OMSTANDIGHEDE	44
4.4.1	Behuising en omgewing: Inwonertal	44
4.4.2	Substansmisbruik deur die ouers	46
4.4.3	Kriminele rekord van ouers	49
4.5	DIMENSIE VYF: EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE	50
4.5.1	Werkrekord van ouers	50
4.5.2	Inkomste per maand	52
4.6	DIMENSIE SES: DIE OORTREDER	55
4.6.1	Wie is die oortreder?	55
4.6.2	Ouderdom van die oortreders	57
4.7	SAMEVATTING	59
	HOOFSTUK 5	**61-71**
BESPREKING		
5.1	ALGEMENE BESPREKING	61

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2 METODOLOGIESE TEKORTE WAT DIE STUDIE KON BEïNVLOED 71

5.3 AANBEVELINGS 71

VERWYSINGSLYS **72-78**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

LYS VAN DIAGRAMME

		BLADSY
DIAGRAM 1:	Grafiese voorstelling van die tipe kindermishandeling en –verwaarlosing in persentasie (%)	24

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

LYS VAN TABELLE

BLADSY

TABEL 1: Voorkoms van Kindermishandeling en –verwaarlosing en Gemiddelde Ouderdom, vir seuns en meisies afsonderlik (Totale groep). 25

TABEL 2: Voorkoms van verskillende Tipes Kindermishandeling en –verwaarlosing en die Gemiddelde Ouderdom vir seuns en meisies vir elke tipe kindermishandeling en -verwaarlosing (Totale groep). 26

TABEL 3: Sewe Kategorieë Beserings in volgorde van die mees algemene besering tot die mins algemene besering op grond van die persentasies (Totale groep). 27

TABLE 4: Persentasies van elke Tipe Besering (Sewe Kategorieë) vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 28

TABEL 5: Areas waar die voorvalle van Kindermishandeling en –verwaarlosing meestal plaasgevind het (Totale groep). 29-30

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL 6: **Areas waar die voorvalle van Kindermishandeling en –verwaarlosing meestal plaasgevind het, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik.** 30

TABEL 7: **Tyd wanneer kindermishandeling en -verwaarlosing plaasgevind het (Totale groep).** 31

TABEL 8: **Tyd wanneer kindermishandeling en -verwaarlosing plaasgevind het, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik.** 32

TABEL 9: **Beskrywende statistiek oor die Huwelikstaat van die kinders se ouers (Totale groep).** 33

TABEL 10: **Beskrywende statistiek oor die Huwelikstaat van die ouers, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik.** 34

TABEL 11: **Beskrywende statistiek wat die Kenmerke van die Huweliksverhouding tussen die ouers beskryf (Totale Groep).** 35

TABEL 12: **Beskrywende statistiek wat die Kenmerke van die Huweliksverhoudig tussen die ouers beskryf, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik.** 36

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH BIBLIOTEEK

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL 13: Beskrywende statistiek van die Verhouding wat die kinders met hul moeders het (Totale Groep). 37

TABEL 14: Beskrywende statistiek van die Verhoudings wat die kinders met hul moeders het, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 38

TABEL 15: Beskrywende statistiek van die Verhouding wat die kinders met hul vaders het (Totale groep). 39

TABEL 16: Beskrywende statistiek van die Verhouding wat die kinders met hul vaders het, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 40

TABEL 17: Beskrywende statistiek oor wie die kinders na die Eenheid Verwys het (Totale groep). 41

TABEL 18: Beskrywende statistiek oor wie die kinders na die Eenheid Verwys het, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 42

TABEL 19: Beskrywende statistiek oor die persentasie Polisiebetrokkenheid (Totale groep). 43

TABEL 20: Beskrywende statisitek oor die persentasie Polisiebetrokkenheid, vir die totale aantal seuns en meisies afsondelik. 44

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL 21: Beskrywende persentasies van die hoeveelheid Inwoners in die huise waaruit die kinders kom (Totale groep). 45

TABEL 22: Beskrywende statisitek van die hoeveelheid Inwoners in die huise waaruit die kinders kom, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 45-46

TABEL 23: Beskrywende statistiek oor Substansmisbruik van die moeders en vaders (Totale groep). 46-47

TABEL 24: Beskrywende statisitek oor die Substansmisbruik deur die ouers, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 48

TABEL 25: Beskrywende statistiek oor die Kriminele Rekord van die ouers (Totale groep). 49

TABEL 26: Beskrywende statistiek oor die Kriminele Rekord van die ouers, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 50

TABEL 27: Beskrywende statistiek oor die Werkrekord van die ouers (Totale groep). 51

TABEL 28: Beskrywende statistiek oor die Werkrekord van die ouers, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 51-52

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL 29: Beskrywende statistiek oor die totale Inkomste per maand van die huishoudings waaruit die kinders kom (Totale groep). 52-53

TABEL 30: Beskrywende statistiek oor die totale Inkomste per maand van die huishoudings waaruit die kinders kom, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 53-54

TABEL 31: Beskrywende statistiek oor die Kategorieë van Oortreders (Totale groep). 55

TABEL 32: Beskrywende statistiek oor die Kategorieë van Oortreders, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik. 56

TABEL 33: Ouderdomsgroepe van die oortreders en die persentasies waarin hulle voorkom (Totale groep). 57

TABEL 34: Ouderdomsgroepe van die oortreders en die persentasies waarin hulle voorkom, vir die totalte aantal seuns en meisies afsonderlik. 58

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDING, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING EN MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Tygerberg Hospitaal is geleë binne die Kaapse Metropool. Dit is 'n tersiêre, akademiese hospitaal waar verskillende professies saamwerk in multidissiplinêre groepe om die suksesvolle versorging en assessering van mense te verseker. Die hospitaal het ook verskeie sekondêre versorgingsfasiliteite en een van hierdie fasiliteite sluit die Departement Maatskaplike Werk in. Binne hierdie Departement is daar verdere afdelings waarvan die Tygerbeer Eenheid vir Getraumatiseerde Kinders een is. Hier word daar hoofsaaklik gefokus op die versorging van kinders wat mishandel en verwaarloos word. Dit is duidelik dat die Eenheid 'n baie belangrike rol speel binne die multidissiplinêre groep van die hospitaal wat verantwoordelik is vir die versorging van mishandelde en verwaarloosde kinders. 'n Verskeidenheid gevalle rapporteer daagliks by hierdie Eenheid en sluit in alle gevalle van wanvoeding, fisiese, emosionele en seksuele mishandeling en verwaarlosing. 'n Belangrike kenmerk van hierdie Eenheid is dat die maatskaplike werkers nie net op die behandeling van die slagoffer fokus nie, maar ook op die behandeling van die oortreder. Vermoedelike gevalle van mishandeling word deur mediese personeel van die hospitaal na die Eenheid verwys. Soms is daar egter ook verwysings van buite die hospitaal na die Eenheid.

Sedert 1987 word 'n gedetailleerde register met belangrike informasie deur die maatskaplike werkers opgestel soos elke geval by die Eenheid aanmeld. Die getalle kinders wat mishandel en verwaarloos word, het oor die jare aansienlik vermeerder en daar bestaan gevolglik groot besorgdheid binne die Eenheid hieroor. Die Eenheid is tans nie seker oor die presiese getalle van kindermishandeling en -verwaarlosing nie en daarom is daar 'n behoefte by die Eenheid om presiese statistiek en veranderlikes wat verband hou met kindermishandeling en verwaarlosing vas te stel. Ondersoek na hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

statistiek sal daartoe lei dat 'n beter begrip van die slagoffer en oortreder ontwikkel kan word (Louw, Schaaf, Barnes, Dhansay & Van Schalkwyk, 1999).

Volgens Hasket, Marziano en Dover (1996) word die kennis van ontwikkelingsuitkomste rondom die seksuele mishandeling van kinders beperk omdat daar 'n tekort is aan navorsing wat betref die seksuele mishandeling van seuns. Verder noem die skrywers ook dat die meeste studies oor mishandeling nie genoeg aandag aan mans gegee het nie en ook nie die nodige vergelykings tussen mans en vroue ingesluit het nie. Volgens Holmes en Slap (1998) is die seksuele mishandeling van jong adolessente meisies al breedvoerig nagevors, terwyl die teenoorgestelde waar is vir jong adolessente seuns. Hieruit ontwikkel daar egter 'n persepsie dat die probleem van seksuele mishandeling van seuns nie algemeen is nie. Dit is vanuit hierdie bevindinge in die literatuur dat verskeie vrae ontwikkel het. Hierdie vrae sluit in: Waarom word seuns nie genoegsaam verteenwoordig in die literatuur nie? Watter ooreenkomste en verskille kom voor tussen seuns en meisies wat betref die verskillende veranderlikes rondom kindermishandeling en verwaarlosing? Wie is die mees algemene oortreders van kindermishandeling en –verwaarloosing en tot watter verhouding staan hulle met die kinders? Watter tipe beserings word meestal deur die kinders opgedoen? Uit watter huislike omstandigehede kom kinders wat mishandel word gewoonlik en laastens, watter invloed het substansmisbruik op kindermishandeling en –verwaarlosing?

1.2 DOELSTELLING

Die doel van die ondersoek is om die verskille vas te stel wat tussen seuns en meisies voorkom rondom die veranderlikes van kindermishandeling en -verwaarlosing, hetsy dit fisiese, seksuele of emosionele kindermishandeling en –verwaarlosing is; en om dit te beskryf en te verklaar.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.3 DIE AARD VAN DIE ONDERSOEK

Die studie behels 'n ondersoek na die leefwêreld van kinders wat mishandel of verwaarloos word en die veranderlikes wat hiermee verband hou. Vir die doel van die ondersoek is daar op ses dimensies van kindermishandeling en -verwaarlosing gefokus. Hierdie dimensies sluit in

1) die tipe mishandeling of verwaarlosing wat voorgekom het,
2) die algemene welsyn van die kinders,
3) die sosiale verhoudinge van die kinders,
4) die maatskaplike omstandighede,
5) die ekonomiese omstandighede van die kinders.
6) die veranderlikes wat verband hou met die oortreder van kindermishandeling en -verwaarlosing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG

2.1 FISIESE, SEKSUELE EN EMOSIONELE KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING

2.1.1 Inleiding

Kindermishandeling en -verwaarlosing is 'n wêreldwye verskynsel wat groot kommer wek, nie net omdat dit 'n groot probleem vir gemeenskapsgesondheid is nie, maar ook omdat dit potensieel 'n traumatiese impak op die kind se sielkundige en fisiese ontwikkeling kan hê. Die impak van kindermishandeling en -verwaarlosing is op verskillende vlakke duidelik sigbaar by kinders. Op persoonlike vlak kan hulle betrokke raak in substansmisbruik, uiting gee aan seksuele gedrag wat ouderdom onvanpas is of hulle kan enige ander vorm van antisosiale gedrag openbaar. Op kognitiewe vlak kan hul konsentrasievermoë afneem en hulle kan ook swak skolastiese prestasie toon. Op emosionele vlak sukkel hulle om gesonde verhoudings met verskillende indiwidue te vorm en hulle verloor die vermoë om empaties te wees teenoor ander. Verder het kinders wat oor die langtermyn mishandel word, gewoonlik ook 'n lae selfbeeld. Wanneer hulle groot word in 'n omgewing waar mishandeling as die norm aanvaar word, word hulle deel van 'n bose kringloop en mishandel hulle moontlik self eendag hulle eie kinders (Astie et al., 1996; Dubowitz et al., 2005; Lewis, 1999; Tyler, Allison & Winsler, 2006).

2.2 FISIESE, SEKSUELE EN EMOSIONELE KINDERMISHANDELING

2.2.1 Die voorkoms van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling

Die voorkoms van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling is 'n wêreldwye verskynsel wat baie varieer (Bentovim, Boston & Van Elburg, 1987; Hilton & Mezy, 1996). Hierdie varieerbaarheid kan hoofsaaklik toegeskryf word aan verskillende

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

belangrike metodologiese faktore (Astie et al., 1996). Die eerste faktor wat 'n groot invloed op die voorkomssyfer sal hê, is die wyse waarop die verskillende tipes kindermishandelings gedefinieer word. Ouderdomsverskille tussen oortreder en slagoffer, die tipe kontak wat plaasgevind het en die ernstigheid van die geval is onder andere faktore wat van belang is in die definisies. Indien van hierdie faktore uitgesluit word, sal dit die voorkomssyfer beïnvloed. Die tipe en hoeveelheid vrae, die manier van ondervraging en die taalgebruik van die navorser tydens die onderhoud is 'n tweede faktor wat 'n invloed kan hê op die voorkomssyfer (Astie et al., 1996; Holmes & Slap, 1998). 'n Derde faktor wat moontlik 'n invloed kan hê op die voorkomssyfer is die populasie waaruit die subjekte gekies word en die manier waarop die data ingesamel word (Astie et al., 1996).

Volgens Lewis (1999) en MacKinnon (1998) het kindermishandeling in Suid-Afrika die afgelope paar jaar proporsioneel toegeneem. Hierdie toename word nie net toegeskryf aan die hoë vlak van geweld wat in Suid-Afrika voorkom nie, maar ook aan die gemeenskap se verhoogde bewustheid van kindermishandeling. Verdere faktore wat tot die verhoogde voorkoms van kindermishandeling in Suid-Afrika bydra, is die land se menigte sosio-kulturele en sosio-ekonomiese veranderinge wat tans besig is om plaas te vind, werkloosheid en armoede.

Die verskillende vorme van kindermishandeling kom gereeld gelyktydig voor en volgens Gilder (1986) is dit 'n verdere faktor wat 'n invloed kan hê op die voorkomssyfer van die verskillende tipes kindermishandeling. Omdat die verskillende tipes saam kan voorkom, word veral seksuele en emosionele kindermishandeling nie genoeg gerapporteer nie aangesien daar eerstens op die fisiese sigbare beserings van kindermishandeling gefokus word voordat daar aandag gegee word aan die onderliggende minder sigbare beserings van die ander tipes kindermishandeling. Dit is daarom belangrik dat die verskillende vorme van kindermishandeling saam ondersoek moet word, maar tog ook afsonderlik aangesien die langtermyngevolge van die verskillende tipes kindermishandeling baie kan verskil.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2.2 Gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling

2.2.2.1 Faktore wat verband hou met die ernstigheid van die gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling

Fisiese, seksuele en emosionele mishandeling van kinders is 'n verskynsel wat 'n groot impak het op die kind se fisiese, sielkundige en kognitiewe ontwikkeling. Indiwidue word verskillend beïnvloed deur die mishandeling en verskeie faktore hou hiermee verband. Een van die eerste en belangrikste faktore wat 'n invloed sal hê op hoe die kind beïnvloed word, hou verband met die dinamika binne die gesin. Wanneer die kind uit 'n gesin kom waar stabiele, gesonde verhoudings heers, sal hy minder ernstig beïnvloed word deur die mishandeling en hy of sy sal ook oor die nodige vaardighede beskik om die mishandeling beter te kan hanteer. Indien die kind uit 'n gesin kom waar daar meer ernstige probleme is en waar die verhoudings nie gesond en stabiel is nie, sal die mishandeling 'n groter negatiewe impak op hom hê. Verder sal die kind ook nie oor die nodige vaardighede beskik om die mishandeling voldoende te kan hanteer nie (Elliott & Peterson, 1993).

'n Tweede faktor wat 'n invloed sal hê op hoe ernstig die gevolge van die mishandeling sal wees, is die tipe verhouding wat heers tussen die slagoffer en die oortreder. Wanneer die oortreder 'n primêre versorger is, is die gevolge gewoonlik ernstiger. Die teenoorgestelde is egter waar wanneer die oortreder nie 'n primêre versorger is nie, of wanneer die oortreder minder bekend is aan die slagoffer. 'n Verdere faktor wat hiermee saamgaan, is die mate waartoe die slagoffer verantwoordelik voel vir die aanranding. Wanneer die slagoffer 'n persepsie het dat hy of sy 'n groot rol speel en verantwoordelik is vir die mishandeling, is die gevolge erger (Astie et al., 1996; Conte & Schuerman, 1987; Hobbs & Wynne, 1987).

Die derde faktor wat 'n rol speel in hoe ernstig die gevolge van mishandeling sal wees, is die lengte en die ernstigheid van elke voorval. Indien kinders oor 'n lang tydperk verskeie kere mishandel word, sal die gevolge ernstiger wees. Dit is in teenstelling met wanneer die kind slegs een keer mishandel word en minder ernstige gevolge ervaar. Verder sal die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kind ook ernstiger gevolge ervaar wanneer die oortreder van meer fisiese aktiwiteite, soos geweld, fisiese aanranding en penetrasie, gebruik gemaak het tydens die voorval (Elliott & Peterson, 1993; Hilton & Mezy, 1996; Lewis, 1999).

'n Laaste faktor wat van belang is by die gevolge van mishandeling is die ouderdom van die slagoffer. Indien die slagoffer ouer is, sal die gevolge moontlik minder ernstig kan wees, terwyl dit moontlik ernstiger sal wees vir die jonger slagoffer (Elliott & Peterson, 1993; Hobbs & Wynne, 1987). Dit is egter belangrik om te onthou dat die verskillende faktore in wisselwerking is met mekaar en dat nie slegs een enkele faktor alleen verantwoordelik is vir die ernstigheid van die gevolge van mishandeling nie.

2.2.2.2 Korttermyn en langtermyn gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling

Die kind wat mishandel word, word die voorreg om natuurlik te ontwikkel en sy of haar eie identiteit te ontdek, ontneem. In normale omstandighede ontwikkel 'n kind se identiteit deur persoonlike beheer en inisiatief, maar wanneer 'n kind mishandel word, is daar verskeie kort- en langtermyn gevolge wat die ontwikkeling van die kind nadelig beïnvloed. Hierdie gevolge kan as korttermyn of langtermyn gevolge manifesteer. Verder kan beide die korttermyn en die langtermyn gevolge weer onderverdeel word in emosionele, gedrags, psigiatriese en seksuele gevolge (Guidry, 1995; Holmes & Slap, 1998; Lewis, 1999).

Die korttermyn gevolge van kindermishandeling kan op 'n kontinuum van min sigbare gevolge tot redelik ernstige gevolge gesien word. Voorbeelde hiervan sluit in: die openbaring van ouderdomonvanpaste gedrag of kennis oor seks en seksuele terminologie, verskeie vorme van seksuele spel met poppe of ander indiwidue, kinders wat masturbeer en verleidende seksuele aggressiewe gedrag openbaar. Verder kan kinders ook aggresief optree teenoor ander of ander verbaal afkraak en verkleineer. Langtermyn gevolge manifesteer ook op verskillende maniere by kinders wat mishandel word. Voorbeelde hiervan is onder andere sosiale onttrekking, swak skolastiese prestasie, slaapversteurings,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die seksuele mishandeling van ander en 'n verskeidenheid ander geestesgesondheidsprobleme wat kan ontwikkel (Guidry, 1995; Holmes & Slap, 1998).

2.2.2.3 Emosionele gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling

Kinders wat oor 'n lang tydperk herhaaldelik mishandel word, is geneig om hulself te beskerm deur van die voorval te probeer vergeet. Hulle ontwikkel ook 'n gevoel van woede, ernstige pyn en lyding en daarom probeer hulle om hul gedagtes en gevoelens te onderdruk. Die voorval word sodoende onderdruk en die kinders kan moontlik versteurings in hul konsentrasievermoë en hul waarneming van tyd en plek ontwikkel. Wanneer 'n kind slegs een keer mishandel is, sal hy of sy die voorval gedurig oorvertel in teenstelling met wanneer die kind herhaaldelik mishandel word. In so 'n geval word die voorval eenkeer oorvertel en daarna probeer die kind weer daarvan vergeet. Volgens Guidry (1995) is dissosiasie 'n verdere manier waarop kinders wat oor 'n langtermyn mishandel word, hulself probeer beskerm. Wanneer dissosiasie plaasvind, distansieer kinders hulself sielkundig van die realiteit, pyn, lyding en verwarring van die voorval en so vergeet hulle soms groot dele van hul kinderjare as gevolg van die mishandeling (Guidry, 1995; Lewis, 1999).

Kinders ontwikkel verder verskillende emosionele gevoelens wat negatief kan inwerk op die kind as gevolg van die mishandeling. Hierdie gevoelens sluit in: enige obsessiewe terugkerende gedagtes oor die voorval, indringende drome, gedagtes oor selfmoord, gevoelens van hulpeloosheid, woede, droefheid en skaamte. Verdere emosionele gevolge wat kan ontwikkel as gevolg van die mishandeling is ontwikkelingstekorte, ernstige skuldgevoelens en vrees. Die hantering van hierdie gevoelens is uiters belangrik vir die behandeling van enige vorm van kindermishandeling (Elliott & Peterson, 1993; Holmes & Slap, 1998; Schacht, Kerlinsky & Carlson, 1990).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2.2.4 Gedragsgevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling

Wanneer kinders fisies, seksueel of emosioneel aangerand word, is dit soms vir hulle baie moeilik om te praat oor die voorval. Intense vrese rondom die mishandeling ontwikkel en gevolglik word die gevoelens rondom die mishandeling geïnternaliseer of geëksternaliseer. Wanneer internalisering plaasvind, ontwikkel die kinders verskeie vorme van selfvernietigende gedrag, waarvan selfmutilering, alkohol- en substansmisbruik en poging tot selfmoord voorbeelde is. Verder kan hulle ook seksueel uiting gee aan hulle gevoelens en so ouderdomsonvanpaste seksuele gedrag openbaar, byvoorbeeld dat kinders eksperimenteer met seksuele aktiwiteite wat nie by hul ouderdom pas nie.

Eksternalisering vind plaas wanneer die kinders enige vorm van antisosiale gedrag openbaar of wanneer hulle betrokke raak by gedrag wat ander benadeel. Hulle kan byvoorbeeld ander persone fisies, seksueel of emosioneel mishandel, of baie aggressief optree teenoor ander persone (Elliott & Peterson, 1993; Schacht et al., 1990).

Guidry (1995) noem verder dat kinders wat mishandel word ook tekens van 'n swak selfbeeld toon. Hulle toon dikwels 'n tekort aan selfvertroue en onttrek gereeld aan sosiale interaksies. Hulle sal soms wegloop van die huis af en by die skool toon hulle verskeie akademiese en sosiale probleme. Laastens sal kinders wat mishandel word, soms baie angstig voorkom en hulle probeer soms baie hard om ander tevrede te stel en gelukkig te hou (Schacht et al., 1990).

Wanneer hierdie verskillende vorme van gedragsprobleme voorkom by kinders wat mishandel is, sukkel hulle gewoonlik ook om gesonde verhoudings met ander indiwidue te vorm. In die geval van seksuele mishandeling sal die kind dit uiters moeilik vind om 'n gesonde seksueel intieme verhouding met 'n ander indiwidu te vorm (Lewis, 1999; Schacht et al., 1990).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2.2.5 Psigiatriese gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling

Oor die langtermyn kan verskeie psigiatriese gevolge ontwikkel as gevolg van kindermishandeling. Voorbeelde hiervan sluit in: depressie en angsversteurings, slaapversteurings, eetversteurings en enkoprese. Kinders toon verder ook 'n verskeidenheid post-traumatiese stressimptome en hulle kan ook verskeie psigosomatiese klagtes hê terwyl hulle terselfdertyd ook hiperaktief kan optree (Morrow, Yeager & Lewis, 1997; Schacht et al., 1990; Wells, McCann, Adams, Voris & Dahl, 1997).

2.2.2.6 Seksuele gevolge van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling

'n Verskeidenheid seksuele gevolge wat kan ontwikkel, sluit onder andere in: seksuele disfunksie, geslagsidentiteitversteuring, onttrekking van enige intieme verhoudings, seksuele mishandeling van ander, prostitusie of 'n promiskue lewenstyl. Verder vind 'n kind dit moontlik ook moeilik om sy of haar gevoelens rondom die mishandeling voldoende te hanteer. En so ontwikkel hy of sy wanaangepaste idees oor seksualiteit. Een van hierdie wanaagepaste idees wat by kinders kan ontwikkel, is dat hulle aandag kry van volwassenes sodra hulle seksuele gedrag openbaar. Gevolglik tree hulle so gereeld as moontlik op 'n seksuele wyse op. Hierdie fenomeen, waar die kind so gereeld as moontlik seksueel optree teenoor ander indiwidue of voorwerpe, staan ook bekend as seksualisasie (Guidry, 1995; Lewis, 1999; McClellan et al., 1997).

2.3 KINDERVERWAARLOSING

2.3.1 Voorkoms van kinderverwaarlosing

Kinderverwaarlosing is volgens Dubowitz et al. (2005) die vorm van kindermishandeling wat die algemeenste voorkom. Daar is egter twee hooffaktore wat die voorkomssyfer van kinderverwaarlosing baie sterk beïnvloed. Eerstens is daar 'n verskeidenheid studies wat aandui dat daar, soos in die geval van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling, ook 'n wye verskeidenheid definisies is wat elk verskillende

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eienskappe van verwaarlosing insluit. Die tweede faktor wat die voorkomssyfer van kinderverwaarlosing beïnvloed, is die aard van die gevalle wat by die kinderbeskermingsdienste gerapporteer word. Dit is gewoonlik net die ernstigste gevalle van verwaarlosing wat onder die aandag van kinderbeskermingsdienste gebring word. Verder fokus die meeste kinderbeskermingsdienste ook eerste op die fisiese gesondheid van kinders voor hulle na ander onderliggende probleme soek. Die minder ernstige gevalle word nie altyd gerapporteer nie en ook nie by die voorkomssyfer ingesluit nie, gevolglik weerspieël die voorkomssyfer nie die werklike getalle van kinderverwaarlosing nie (Dubowitz et al., 2005; Kaplan, Pelcovitz & Labruna, 1999; Tyler et al., 2006). Verskeie studies se resultate weerspieël hierdie varieerbaarheid aangesien die voorkomssyfer wissel vanaf 6% tot 80% (May-Chahal & Cawson, 2005; McGee, Wolfe, Yuen, Wilson & Carnochan, 1995; Meston, Heiman, Trapnell & Carlin, 1999).

2.3.2 Gevolge van kinderverwaarlosing

Die gevolge van kinderverwaarlosing is baie divers en ernstig op verskillende vlakke van 'n kind se ontwikkeling. Kognitiewe, emosionele gedrag en verskeie psigiatriese probleme is van die algemeenste areas wat beïnvloed word deur verwaarlosing. Net soos by fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling kan al hierdie areas oor die lang- of korttermyn beïnvloed word. Bogenoemde gevolge word egter verder versterk en raak meer indringend wanneer die kind nie voldoende hulpbronne tot sy of haar beskikking het om die verwaarlosing voldoende te hanteer nie (Mash & Wolfe, 2002; Tyler et al., 2006)

2.3.2.1 Gedragsgevolge van kinderverwaarlosing

Kinderverwaarlosing lei tot 'n verskeidenheid gedragsprobleme. Eerstens kan slagoffers maklik sukkel om die verwaarlosing te hanteer, hulle gevoelens gevolglik eksternaliseer en meer aggresief raak. Hulle kan 'n tekort of afname in daaglikse vaardighede toon en dit lei weer tot swak sosiale funksionering veral tussen kinders van dieselfde ouderdom (Dubowitz et al., 2005).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3.2.2 Emosionele gevolge van kinderverwaarlosing

Volgens Shipman, Edwards, Brown, Swisher en Jennings (2005) is dit belangrik om ondersoek in te stel na hoe verwaarloosing 'n kind se vermoë om emosies te hanteer, beïnvloed. Kinders leer verskillende vaardighede vir die voldoende hantering van emosies by hul ouers. Wanneer die ouers die kind verwaarloos, is daar 'n verskeidenheid vaardighede wat nie deur die kind aangeleer word nie. Voorbeelde hiervan is ouers wat nie genoeg aandag en erkenning aan die kind gee nie of hulle voorsien nie genoeg emosionele ondersteuning in die gesinsverhoudinge nie. Verder toon die ouers die onvermoë om empaties en ondersteunend te wees en dit lei daartoe dat die kind bang raak om enige emosies teenoor die ouers te openbaar. Die kind begin nou glo dat die onderdrukking van emosies enige konfliksituasie sal voorkom. Die gevolg hiervan is dat kinders nie die ontwikkeling van verskillende emosies verstaan nie; hulle weet nie hoe om hul eie emosies voldoende te hanteer nie en ook nie hoe om te reageer teenoor ander se emosies nie. Uiteindelik lei dit weer daartoe dat die verwaarloosde kind nie bevredigende interpersoonlike verhoudings kan vorm nie. Dit raak dus 'n bose kringloop en die kind dra uiteindelik weer hierdie onvermoë om emosies voldoende uit te druk en te hanteer oor na die volgende geslag (Dubowitz et al., 2005; Tyler et al., 2006).

2.3.2.3 Psigiatriese gevolge van kinderverwaarlosing

Die psigiatriese probleme wat ontwikkel by kinders wat verwaarloos word, stem baie ooreen met dié van fisiese, seksuele en emosionele kindermishandeling. Eerstens word kinders wat verwaarloos word meer algemeen gediagnoseer met aandagafleibaar-hiperaktiwiteitversteuring, post traumatiese stresversteuring en persoonlikheids-versteuring as kinders wat nie verwaarloos word nie. Verder toon hulle ook hoër vlakke van depressie en openbaar hulle maklik self-vernietigende gedrag (Dubowitz et al., 2005; Tyler et al., 2006).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3.2.4 Kognitiewe gevolge van kinderverwaarlosing

Die kognitiewe probleme wat ontwikkel by kinders as gevolg van verwaarlosing is veral sigbaar op skoolvlak. Swak skolastiese prestasie is een van die grootste negatiewe gevolge wat ontwikkel by kinders wat slagoffers van verwaarlosing is. Verwaarloosde kinders sukkel om te konsentreer, hulle is gewoonlik dromerig, angstig en baie onseker van hulself. Verder het hulle gedurig ondersteuning en bystand van hul onderwysers nodig en verstaan hulle nie noodwendig altyd die voorgeskrewe werk nie, wat daartoe lei dat hulle akademies swak presteer. Taal en kognitiewe ontwikkeling vind gewoonlik ook stadig plaas by verwaarloosde kinders en gevolglik het hulle ook laer IK's as kinders wat nie verwaarloos word nie (Tyler et al., 2006).

2.4 OMSKRYWING VAN KINDERMISHANDELING EN -VERWAARLOSING

2.4.1 Inleiding

Kindermishandeling is 'n multifaktoriale konsep waarby verskillende veranderlikes betrokke is. Verskeie definisies van die verskillende tipes mishandeling kom in die literatuur voor (Hilton & Mezy, 1996). Dit is belangrik om te onthou dat mishandeling ook voorkom in gesinne of families waar daar liefdevolle en gesonde verhoudings heers, maar die aspek wat sentraal staan by kindermishandeling is die misbruik van mag tussen die kind en die oortreder. 'n Verdere belangrike aspek wat in sommige gevalle ook sentraal staan by kindermishandeling en verwaarlosing is dat die kind te jonk is om die omvang van die probleem te verstaan en nie genoeg inligting tot sy of haar beskikking het om 'n ingeligte besluit te neem en sodoende teen die oortreder op te tree nie. Guidry (1995) noem ook dat seks slegs moet plaasvind tussen indiwidue wat toestemming kan gee daarvoor en omdat kinders nie die nodige informasie besit om 'n ingeligte besluit te neem nie, word enige seksuele aktiwiteit waar volwassenes en kinders betrokke is, gesien as mishandeling.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kinders sal nie gewoonlik seksuele aktiwiteite inisieer, daarvoor soek of vra nie, alhoewel hulle daarin betrokke raak omdat hulle op soek is na fisiese toegeneentheid en kontak om aan hulle behoeftes te voldoen. Dit is egter volwassenes wat die kind se behoeftes en swakker posisie uitbuit. Wanneer dit gedoen word, stel die volwassenes gewoonlik hul eie behoeftes, of dit fisies, seksueel of emosioneel is, tevrede.

Alle vorme van mishandeling kan gesien word as gewelddadig aangesien daar 'n groot verskil is tussen die grootte en die mag van die kind en die oortreder. Dit is ook om hierdie rede dat mishandeling gesien word as die misbruik van mag (Morgan, 1999). Indien 'n kind nie wil saamwerk tydens 'n spesifieke voorval nie, is dit vir die volwassene baie maklik om verskillende tegnieke te gebruik om die kind se deelname te bevorder. Hierdie tegnieke sluit verskillende aktiwiteite in soos: dreigemente, speletjies, beloftes, lekkernye of 'n kullery. Verder kan die oortreder soms ook van fisiese geweld gebruik maak om te verseker dat die kind saamwerk. As gevolg van laasgenoemde is dit belangrik om in gedagte te hou dat fisiese en seksuele mishandeling gelyktydig kan voorkom (Hobbs & Wynne, 1990).

2.4.2 Omskrywing van seksuele kindermishandeling

Erooga en Masson (1999) skryf in hulle boek oor 'n model vir kindermishandeling. Hierdie model stel voor dat daar vier voorvereistes teenwoordig moet wees voordat seksuele mishandeling kan plaasvind. Eerstens moet daar 'n vorm van motivering wees, byvoorbeeld dat enige seksuele kontak met 'n slagoffer 'n seksuele behoefte van die oortreder sal bevredig. Tweedens moet die oortreder se interne inhibisies oorkom word. Dit word gedoen wanneer die oortreder gebruik maak van kognitiewe distorsies om sodoende te glo dat die slagoffer toestemming gee of verantwoordelik is vir die mishandeling. Derdens moet alle eksterne inhibisies oorkom word. Die oortreder moet toegang hê tot die slagoffer in die regte omgewing en situasie sodat mishandeling kan plaasvind. En laastens moet enige weerstand wat deur die slagoffer gebied word, oorkom word. Wanneer daar aan al vier hierdie vereistes voldoen word, kan seksuele mishandeling plaasvind.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Oortreders wat kinders seksueel mishandel, trek voordeel uit die situasie, aangesien die oortreder verskeie positiewe ervarings beleef as gevolg van die mishandeling. Seksuele of emosionele behoeftes van die oortreder word bevredig en 'n gevoel van opgewondenheid en tevredenheid word ervaar terwyl die oortreder terselfdertyd ontslae raak van spanning (Bouvier et al., 1999).

Wanneer oortreders hul lewe rondom dié van kinders begin rangskik sodat situasies waar mishandeling gedurig kan plaasvind, geskep word, raak seksuele mishandeling 'n kompulsiewe aktiwiteit. Verder is dit vir oortreders baie maklik om 'n kind se natuurlike nuuskierigheid en soeke na aanvaarding te waninterpreteer as 'n soeke na seksuele kontak (Erooga & Masson, 1999; Hilton & Mezy, 1996).

Seksuele mishandeling is 'n heterogene konsep wat 'n diverse reeks aktiwiteite kan insluit. Dit is as gevolg hiervan dat die gevolge en ernstigheidsgraad van elke geval van 'n ander verskil en daarom sal die aktiwiteite wat tydens die voorval plaasgevind het 'n groot invloed hê op hoe die kind die mishandeling ervaar. Aktiwiteite wat plaasvind tydens seksuele mishandeling strek vanaf verbale aggressie, ekshibisionisme, liefkosing en vertroeteling tot seksueel aggressiewe aktiwiteite soos orale, anale of genitale kontak. Verder kan bloedskande, sodomie en pornografie ook gesien word as aktiwiteite van seksuele mishandeling, terwyl alle aktiwiteite wat tydens 'n voorval plaasvind, kan wissel van matig tot ernstige verkragting (Guidry, 1995; Bouvier et al., 1999; Mash & Wolfe, 2002).

Aangesien die graad en ersntigheid van elke geval van mishandeling van 'n ander verskil, is dit belangrik om elke geval te klassifiseer volgens die potensiële ernstigheid daarvan. Verskeie klassifikasiesisteme kom voor in die literatuur, maar volgens Bouvier et al. (1999) is die sisteem wat die algemeenste gebruik word, soos volg: Eerstens, mishandeling sonder enige fisiese kontak. Wat hierby aansluit, is dat seksuele mishandeling 'n vorm van fisiese mishandeling is waar 'n volwassene 'n kind betrek ongeag of daar fisiese kontak voorkom of nie (Lewis, 1999). Tweedens is daar gevalle met fisiese kontak en derdens is daar die gevalle met genitale penetrasie. Definisies van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

seksuele mishandeling wissel ook ten opsigte van die ernstigheid van die aktiwiteite, die fisiese en sielkundige gevolge, die aard en die aantal voorvalle wat plaasvind. Hobbs en Wynne (1987) spesifiseer egter dat alle definisies van seksuele kindermishandeling 'n seksuele konnotasie inhou vir die oortreder en dat daar 'n kind betrokke is.

2.4.3 Omskrywing van fisiese kindermishandeling

Fisiese mishandeling is 'n verskynsel wat baie algemeen voorkom en verder sluit dit ook die misbruik van mag in. Wanneer 'n kind enige besering opdoen as 'n persoon in 'n magsverhouding teenoor die kind staan, word dit gedefinieer as fisiese mishandeling. Net soos by seksuele mishandeling sluit fisiese mishandeling 'n verskeidenheid aktiwiteite in wat strek vanaf stamp, stoot, skop en slaan tot meer ernstige gevalle van aggressiewe, gewelddadige aanvalle en aktiwiteite waar 'n kind gebrand of gebyt word. Verder word baie gevalle van fisiese mishandeling nie beplan deur die oortreder nie, maar kan dit ook die resultaat van oormatige fisiese straf wees (Mash & Wolfe, 2002).

2.4.4 Omskrywing van emosionele kindermishandeling

Emosionele kindermishandeling word as gevolg van 'n verskeidenheid redes nie baie algemeen gerapporteer nie. Eerstens is emosionele kindemishandeling onderliggend aan fisiese en seksuele kindemishandeling en verwaarlosing en word dit gevolglik nie so algemeen gerapporteer nie. Met ander woorde: wanneer 'n kind met fisiese beserings rapporteer, word die fokus op hierdie beserings gerig eerder as op die onderliggende emosionele beserings of tekorte. Tweedens word emosionele mishandeling ook net gerapporteer wanneer dit die engiste vorm van mishandeling is en omdat dit nie so sigbaar soos die ander vorms van mishandeling is nie, word dit gevolglik nie so algemeen gerapporteer nie (Doyle, 1997; Hamarman & Bernet, 2000). Derdens ontwikkel daar 'n verskeidenheid probleme as gevolg van emosionele mishandeling. Hierdie probleme sluit in eetversteurings, aggressiewe gedrag, substansmisbruik, onttrekking, selfvernietigende gedrag en ook verskeie akademiese en skolastiese probleme. Wanneer die kind bogenoemde probleme toon, word die fokus op hierdie probleme gerig eerder as op die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderliggende emosionele mishandeling (Doyle, 1997; Hammerman & Bernet, 2000; Shipman et al., 2005; Yanowitz, Monte & Tribble, 2003).

Net soos by fisiese en seksuele mishandeling is daar ook verskeie aktwiteite wat verband hou met emosionele mishandeling. Hierdie aktiwiteite verskil egter van fisiese en seksuele mishandeling aangesien dit nie fisiese aktiwiteite insluit nie, maar eerder gevalle waar die ouers nalatig is teenoor die kind se emosionele behoeftes of waar die ouer sy of haar mag oor die kind misbruik, bevele gee, die kind dreig of bang maak, verwerp, verkleineer, ignoreer of selfs isoleer (Doyle, 1997; Mash & Wolfe, 2002; Sadock & Sadock, 2003)

2.4.5 Omskrywing van Verwaarlosing

Kinderverwaarloosing is 'n fenomeen wat baie moeilik gedefinieer word. Vanuit die literatuur is daar 'n verskeidenheid redes wat hiervoor aangevoer kan word. Eerstens vorm 'n wye reeks faktore deel van kinderverwaarlosing. Tweedens kan elkeen van hierdie faktore voorkom op 'n kontinuum van redelike goeie versorging tot baie swak of geen versorging. Derdens is daar verskeie subkategorieë van kinderverwaarlosing en alle faktore kan afsonderlik by elkeen van die subkategorieë aangetref word. Dit is dus duidelik dat kinderverwaarlosing 'n baie komplekse verskynsel is wat 'n duidelike definisie werklik bemoeilik (Dubowitz et al., 2005; Tyler et al., 2006).

Wanneer daar nie in 'n kind se basiese behoeftes, soos kos en klere, voorsien word nie, of wanneer 'n volwassene toelaat dat 'n kind betrokke raak in aktiwiteite wat potensieel gevaarlik kan wees vir die kind, is dit 'n aanduiding van verwaarlosing. Gevolglik kan verwaarlosing eenvoudig omskryf word as die onvermoë van 'n volwassene om aan die kind se basiese fisiese, sielkundige en emosionele behoeftes te voldoen (Lewis, 1999; Mash & Wolfe, 2002). Hierdie omskrywing raak egter meer kompleks sodra die afsonderlike subkategorieë daarby ingesluit word. Voorbeelde hiervan is fisiese verwaarlosing, mediese verwaarlosing, emosionele verwaarlosing, onvoldoende sorg of toesig en laastens opvoedkundige verwaarlosing. Hierdie kategorieë kan elk weer verder,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

op 'n afsonderlike manier, verskeie aspekte bydra tot die beskrywing wat gevolglik die definisie net meer kompleks sal maak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

METODE VAN ONDERSOEK

3.1 DEELNEMERS

In hierdie ondersoek is die deelnemers alle kinders (seuns en meisies) wat vanaf 1 April 2004 tot 31 Maart 2005 by die Eenheid van Maatskaplike werk aangemeld[1] het. Die 256 deelnemers se ouderdomme wissel van geboorte tot 18 jaar en is almal óf fisies, óf seksueel, óf emosioneel mishandel of verwaarloos. 124 van hierdie deelnemers was seuns en 132 was meisies. Verder is al die deelnemers hoofsaaklik afkomstig uit die Kaapse Metropool.

3.2 DATABRONNE

Die Eenheid waar die deelnemers tydens die ondersoekperiode aangemeld het, maak voorsiening vir persoonlike rekords vir elkeen van die kinders wat mishandel of verwaarloos is. Hierdie rekords bestaan hoofsaaklik uit die onderstaande databronne:

3.2.1 Die bekendstellingsvorm en verslae van maatskaplike werkers

Hierdie bekendstellingsvorm is 'n gestandaardiseerde vorm wat deur die Departement Maatskaplike Werk[2] in samewerking met die Departement van Maatskaplike Dienste, Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap opgestel is (Louw et al., 1999). Dit word deur die maatskaplike werkers van die Eenheid ingevul en op lêer geplaas tesame met die maatskaplike werkers se verslae oor die deelnemers. Hierdie lêers word gebruik met die doel om 'n duidelike agtergrondbeeld van die deelnemers en hul omstandighede te verkry. Verder stel dit ook die Eenheid in staat om 'n gekontroleerde-register te hou van al die gevalle van kindermishandeling en verwaarlosing wat by die Eenheid aangemeld

---

[1] Sien hoofstuk 4, tabel 17 en 18, p41-42
[2] Sien hoofstuk 1, p1

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is. Hierdie vorm en verslae stel waardevolle inligting beskikbaar ten opsigte van die volgende:

- Identifiserende en persoonlike besonderhede van die deelnemers wat vermoedelik mishandel of verwaarloos is (volle naam en van, geboortedatum, toelatingsdatum en ontslagdatum en ook die lêernommer);

- Die algemene toestand en mediese kondisies van die deelnemers (diagnoses of beserings wat die deelnemers opgedoen het, die aard van die beserings, datum, tyd en plek van beserings, naam, ouderdom en adres van beweerde oortreder, verhouding met die mishandelde kind, vorige insidente, betrokkenheid van die polisie en die persoon wat die mishandelde kind verwys het);

- Gesinsamestelling (dit sluit in inligting rondom die ouers se ouderdom en opvoedingsvlak, die getal kinders in die gesin asook hul ouderdomme en huidige vlak van onderrig);

- Gesinsverhoudings (huwelikstaat van die ouers, verhouding tussen die ouers, verhoudings tussen die deelnemers en die ouers);

- Behuising en omgewing (grootte van die huis, getal inwoners, geriewe soos byvoorbeeld elektrisiteit, water en sanitêre geriewe);

- Werksomstandighede en finansies;

- Sosiale kontak (vriendekring, enige inligting rondom drank- of dwelmmisbruik deur die ouers of enige kriminele rekord);

- Versorging van die pasiënt (wie versorg die deelnemer, veiligheid van die mishandelde kind tuis en rede indien die kind nie veilig is nie);

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Evaluasie (alle positiewe en negatiewe aspekte oor die deelnemers);
- Dienste gelewer (sluit alle aksies in wat uitgevoer is deur die maatskaplike werker om die deelnemer te beveilig, verwysings, en of die gesin reeds bekend is aan enige maatskaplike instansie);
- Gevolgtrekkings en aanbevelings (hierdie inligting is veral belangrik wanneer die deelnemer verwys word na 'n ander maatskaplike instansie);
- Naam van die maatskaplike werker wat met die deelnemer gewerk het.

3.3 PROSEDURE EN ONDERSOEKDIMENSIES

256 deelnemers vanuit die Kaapse Metropool het by die Eenheid aangemeld tydens die ondersoekperiode. Elkeen van hierdie deelnemers se agtergrondgegewens en relevante inligting is deur 'n maatskaplike werker op die bekendstellingsvorm en maatskaplike verslae aangeteken en gebruik vir die huidige ondersoek. Elke deelnemer is medies ondersoek en hierdie inligting is ook op lêer geplaas. Indien dit nodig was om die deelnemers na 'n sielkundige of psigiater te verwys, is dit gedoen. Data is vervolgens oorgedra vanaf die 256 lêers en bekendstellingsvorms na 'n rekenaar databasis waar dit verwerk is.

Soos reeds genoem, is daar ses dimensies wat bestudeer is. Elke dimensie is verder uitgebrei deur verskillende veranderlikes wat verband hou met kindermishandeling en verwaarlosing daarby in te sluit. Hierdie veranderlikes is soos volg by die verskillende dimensies ingedeel:

3.3.1 Tipe mishandeling of verwaarlosing:

3.3.1.1 Voorkomssyfer van die tipe mishandeling en verwaarlosing en die ontleding van die ouderdomme

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.3.2 Algemene Welsyn:

3.3.2.1 Die tipe beserings opgedoen

3.3.2.2 Die area waar mishandeling plaasgevind het

3.3.2.3 Tyd wanneer mishandeling plaasgevind het

3.3.3 Sosiale verhoudings:

3.3.3.1 Huwelikstaat van die ouers

3.3.3.2 Huweliksverhouding van die ouers

3.3.3.3 Verhouding tussen die deelnemers en hul moeders

3.3.3.4 Verhouding tussen die deelnemers en hul vaders

3.3.3.5 Verwysings na Eenheid

3.3.3.6 Polisiebetrokkenheid

3.3.4 Maatskaplike omstandighede:

3.3.4.1 Behuising en omgewing: Inwonertal

3.3.4.2 Substansmisbruik deur die ouers

3.3.4.3 Kriminele rekord van die ouers

3.3.5 Ekonomiese omstandighede:

3.3.5.1 Werkrekord van die ouers

3.3.5.2 Inkomste per maand

3.3.6 Oortreder van kindermishandeling en -verwaarlosing:

3.3.6.1 Wie is die oortreder

3.3.6.2 Ouderdom van die oortreder

Beskrywende statistiek ten opsigte van die veranderlikes van kindermishandeling en -verwaarlosing is eerstens geïdentifiseer en ontleed. Tweedens is verskeie Chi-kwadraat-analises uitgevoer om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies bestaan. 'n Groot aantal van die bekendstellingsvorms was nie volledig voltooi nie, moontlik omdat die inligting nie beskikbaar was tydens opname van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deelnemers nie. Ten spyte hiervan is alle onvoltooide vorms ook by die huidige studie ingesluit om vas te stel in watter mate die statistiek rondom kindermishandeling en -verwaarlosing onbekend is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

RESULTATE

4.1 EERSTE DIMENSIE: TIPE KINDERMISHANDELING OF -VERWAARLOSING

4.1.1 Voorkomssyfer van die tipes mishandeling en -verwaarlosing en ontleding van die ouderdomme

Die Tygerbeer Eenheid vir getraumatiseerde kinders het in die periode vanaf 01 April 2004 tot 31 Maart 2005 twee honderd ses en vyftig (N=256) opnames gemaak. Hierdie opnames was van kinders agtien jaar en jonger. 'n Grafiese voorstelling van die voorkoms van verskillende tipes kindermishandeling en -verwaarlosing verskyn in Diagram 1.



Diagram 1: Grafiese voorstelling van die tipe kindermishandeling en -verwaarlosing in persentasie (%).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Uit die 256 kinders wat aangemeld het by die hospitaal is 43% seksueel mishandel, 28% verwaarloos, 27% fisies mishandel en 2% emosioneel mishandel. Uit die grafiese voorstelling blyk dit dat die meeste kinders vir die totale groep seksueel mishandel is (43%), terwyl die minste kinders emosioneel mishandel is (2%). 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (3, N = 256) = 88.84, $p < .001$. Dit blyk dus dat wanneer kinders mishandel of verwaarloos word hulle beduidend meer seksueel mishandel word as wat hulle fisies of emosioneel mishandel of verwaarloos word.

Beskrywende statistiek van die totale groep ten opsigte van die voorkoms van kindermishandeling en -verwaarlosing by seuns en meisies, sowel as die gemiddelde ouderdom, verskyn in Tabel 1.

Tabel 1

Voorkoms van Kindermishandeling en -verwaarlosing en Gemiddelde Ouderdom, van seuns en meisies afsonderlik (Totale groep)

Geslag	Aantal, (%)	Gemiddelde ouderdom (in jare)
Seuns	124 (48,44)	6,91
Meisies	132 (51,56)	7,82

Uit Tabel 1 blyk dit dat 48,44% van die gevalle seuns was en 51,56% meisies. Die gemiddelde ouderdom van die seuns was 6,91 jaar terwyl dit 7,82 jaar vir meisies was. Beskrywende statistiek ten opsigte van die voorkoms van verskillende tipes kindermishandeling en -verwaarlosing by seuns en meisies, sowel as die gemiddelde ouderdom vir elke tipe, verskyn in Tabel 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 2

Voorkoms van verskillende Tipes Kindermishandeling en -verwaarlosing en die Gemiddelde Ouderdom van seuns en meisies vir elke tipe mishandeling en verwaarlosing (Totale groep)

Tipe Mishandeling vir beide Seuns en Meisies			Gemiddelde Ouderdom	
	Seuns (%)	Meisies (%)	Seuns (jare)	Meisies (jare)
Seksueel	26	58	10	9,31
Fisies	33	21	8,15	5,37
Verwaarloos	41	17	3,99	5,22
Emosioneel	0	4	Geen	8,5

Uit Tabel 2 blyk dit dat van alle gevalle van fisiese mishandeling 33% seuns was, terwyl 21% meisies was. In 41% van die gevalle is seuns verwaarloos, terwyl meisies slegs in 17% gevalle verwaarloos is. Die teenoorgestelde word egter in die geval van seksuele mishandeling aangetref. Hier is meisies in 58% van die gevalle seksueel mishandel terwyl seuns slegs 26% van die gevalle wat seksueel mishandel is, uitgemaak het. 4% van die meisies het emosionele mishandeling gerapporteer terwyl geen seuns emosionele mishandeling gerapporteer het nie. Met verdere ontleding van hierdie resultate is daar gevind dat, alhoewel die gemiddelde ouderdom van seuns en meisies vir elke tipe mishandeling verskil het, hierdie verskille nie statisties beduidend was nie.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies is vir die verskillende tipes mishandeling en verwaarlosing is verskeie Chi-kwadraat analises uitgevoer. Hierdie ontledings het aangetoon dat daar 'n beduidende verskil tussen seuns en meisies bestaan ten opsigte van die voorkoms van seksuele mishandeling met $\chi^2(1, n = 109) = 18.58$, $p < .01$. Meisies word dus meer seksueel mishandel as seuns. Seuns was weer beduidend meer verwaarloos as meisies met, $\chi^2(1, n = 73) = 11.52$, $p < .01$. Vir fisiese mishandeling is daar geen beduidende verskille aangetref tussen seuns en meisies nie. Laastens het daar nie genoeg gevalle van emosionele mishandeling gerapporteer om akkurate ontledings uit te voer nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.2 DIMENSIE TWEE: ALGEMENE WELSYN

4.2.1 Ontleding van die tipe beserings

Die tipe beserings wat die kinders opgedoen het, is in sewe kategorieë verdeel, soos gesien kan word in Tabel 3.

Tabel 3

Sewe Kategorieë van Beserings in volgorde van die mees algemene besering tot die mins algemene besering op grond van die persentasies (Totale groep)

Die Sewe Kategorieë van Beserings	
Besering	**Totale Aantal in Persentasie**
Geslagsdeelbeserings	20%
Kopbeserings	10%
Kwasjiorkor*	4%
Oordoserings	4%
Oogbeserings	4%
Rektale- of Anale beserings	3%
Beserings onbekend	55%

*Nota: Ook bekend as Wanvoeding

Uit Tabel 3 blyk met die eerste ontleding van die tipe beserings wat deur die totale groep kinders opgedoen is, dat die verskillende kategorieë gerangskik kon word in die volgorde van die mees algemene besering tot die mins algemene besering. Die mees algemene besering was geslagsdeelbeserings wat by 20% van die totale groep kinders gerapporteer is. Die tweede tipe besering wat by 10% van die kinders voorgekom het, was kopbeserings. Die volgende drie kategorieë sluit in kwasjiorkor oordoserings en oogbeserings. Elkeen van hierdie kategorieë verteenwoordig 4% van die beserings waarmee die kinders by die eenheid gerapporteer het. Die tweede laaste kategorie van die beserings sluit in die rektale of anale beserings en dit is by 3% van die kinders gerapporteer. Laastens het 55% van die kinders nie gerapporteer watter tipe besering

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle tydens die voorval opgedoen het nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer. Verder blyk dit dat vir die totale groep het die meeste kinders met geslagsdeelbeserings (20%) gerapporteer, terwyl die minste met rektale- of anale beserings (3%) gerapporteer het.

'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (5, N = 115) = 69.78, p < .001. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel of verwaarloos word beduidend meer met geslagsdeelbeserings rapporteer as met ander tipe beserings.

Die sewe kategorieë beserings is verder ontleed om vas te stel watter persentasie van die totale aantal seuns en die totale aantal meisies met die verskillende beserings gerapporteer het.

Tabel 4

Persentasies van elke Tipe Besering (Sewe Kategorieë) vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Tipe besering	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Geslagsdeelbeserings	1%	30%
Kopbeserings	10%	9%
Kwasjiorkor	8%	1%
Oordoserings	3%	4%
Oogbeserings	8%	1%
Rektale- of Anale beserings	1%	5%
Onbekend	69%	50%

Uit Tabel 4 blyk dit dat 10% van die totale aantal seuns teenoor 9% van die totale aantal meisies met kopbeserings gerapporteer het. Slegs 1% van die seuns het geslagsdeel beserings gerapporteer teenoor 30% van die meisies wat hierdie tipe beserings gerapporteer het. Kwasjiorkor en oogbeserings is elk by 8% van die totale aantal seuns en sleg by 1% van die totale aantal meisies gerapporteer. 3% van die seuns en 4% van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

meisies het gerapporteer met oordoserings terwyl 'n verdere 1% van die seuns en 5% van die meisies met rektale- of anale beserings gerapporteer het. Die laaste 69% van die seuns en 50% van die meisies het nie dit tipe besering aangemeld nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille vir die verskillende kategorieë beserings tussen seuns en meisies is, is verskeie Chi-kwadraat analises op elke kategorie uitgevoer. Die Chi-kwadraat analises het bewys dat daar in die verskillende kategorieë vier statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies was. Eerstens rapporteer meisies statisties beduidend meer as seuns met geslagsdeelbeserings, met $\chi^2(1, n = 41) = 37.10$, $p < .01$. Die tweede statisties beduidende verskil tussen seuns en meisies was dat seuns meer met kwasjiorkor gerapporteer het as meisies, met χ^2 $(1, n = 11) = 7.36$, $p < .01$. Derdens het seuns ook statisties beduidend meer as meisies met oogbeserings gerapporteer, met χ^2 $(1, n = 11) = 7.36$, $p < .01$. Die laaste statisties beduidende verskil tussen seuns en meisies is dat meisies meer rapporteer met rektale of anale beserings, met χ^2 $(1, n = 8) = 4.5$, $p < .05$.

4.2.2 Area waar die mishandelings plaasgevind het

Areas waar die voorvalle van kindermishandeling en -verwaarlosing plaasgevind het, word in Tabel 5 en Tabel 6 weergegee.

Tabel 5

Areas waar die voorvalle van Kindermishandeling en –verwaarlosing meestal plaasgevind het (Totale groep)

Area	Persentasie
Huis	69%
Buite	17%*
Ander	10%**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 5 (vervolg)

Area	Persentasie
Skoolterrein	4 %

*Nota: Buite sluit enige area in die buurt, straat, park of grasveld in

**Nota: Ander sluit enige area soos kinderhuise, smokkelhuise, die dagversorger of plekke naby die spoorlyn in, as ook die gevalle waar die kind nie kon herroep waar die mishandeling plaasgevind het nie.

Uit Tabel 5 blyk dat daar vir die totale groep kinders hoofsaaklik vier verskillende areas was waar kindermishandeling en -verwaarlosing plaasgevind het. Eerstens het 69% van die mishandelings by die huis plaasgevind. Tweedens het 17% van die mishandelings buite die huis plaasgevind. Derdens het 10% van die mishandelings by ander areas plaasgevind, terwyl die laaste 4% van die mishandelings by of op die skoolterrein plaasgevind het. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (3, N = 256) = 270.37, p < 001. Dit blyk dus dat voorvalle van kindermishandeling en -verwaarlosing beduidend meer by die huis voorkom as op ander plekke.

Tabel 6

Areas waar die voorvalle van Kindermishandeling en -verwaarlosing meestal plaasgevind het vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Area	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Huis	69%	68%
Buite	16%	19%
Ander	9%	11%
Skoolterrein	6%	2%

Uit Tabel 6 blyk dat die voorvalle vir 69% van die totale aantal seuns en vir 68% van die totale aantal meisies by die huis plaasgevind het. Vir 16% van die totale aantal seuns en 19% van die totale aantal meisies het die voorvalle buite plaasgevind. Soos reeds genoem, sluit dit enige area in die buurt, straat, park of grasveld in. 6% van die totale

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aantal seuns en 2% van die totale aantal meisies het gerapporteer dat die voorvalle op die skoolterrein plaasgevind het. En laastens het 9% van die seuns en 11% van die meisies gerapporteeer dat die voorvalle by ander areas plaasgevind het. Soos ook reeds genoem, sluit hierdie areas enige area in, soos kinderhuise, smokkelhuise, die dagversorger, plekke naby die spoorlyn of dit sluit die gevalle in waar die kind nie kon herroep waar die mishandeling plaasgevind het nie.

Om vas te sel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies is ten opsigte van die area waar die voorvalle plaasgevind het, is verskeie Chi-kwadraat-analises uitgevoer. Geen statisties beduidende verskille het egter voorgekom nie.

4.2.3 Tyd wanneer mishandelings plaasgevind het

Beskrywende statistiek oor die tyd wanneer die mishandelings plaasgevind het, vir die totale groep kinders, word in Tabel 7 weergegee.

Tabel 7

Tyd wanneer Kindermishandeling en -verwaarlosing plaasgevind het (Totale groep)

Tyd van mishandeling	Persentasie
Oggend	16 %
Middag	49 %
Aand	21 %
Onbekend	14%

Uit Tabel 7 blyk dit dat die tyd wanneer die beserings plaasgevind het in vier kategorieë verdeel kon word, naamlik: oggend, middag, aand en onbekend. 16% van alle kindermishandeling en –verwaarlosings- gevalle het in die oggend plaasgevind, 49% het in die middag plaasgevind en 21% in die aand. Die laaste 14% van die kinders kon nie herroep watter tyd van die dag die voorval plaasgevind het nie, en is gevolglik as onbekend geklassifiseer. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(2, N = 220) = 54.12, $p < .001$. Dit blyk dus dat voorvalle van kindermishandeling en -verwaarlosing beduidend meer in die middag plaasvind in vergelyking met ander tye van die dag.

Beskrywende statistiek oor die tyd wanneer die kindermishandeling en –verwaarlosing plaasgevind het vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik word in Tabel 8 weergegee.

Tabel 8

Tyd wanneer kindermishandeling en -verwaarlosing plaasgevind het vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Tyd van mishandeling	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Oggend	4%	27%
Middag	56%	42%
Aand	30%	13%
Onbekend	10%	18%

Uit Tabel 8 blyk dit dat 4% van die totale aantal seuns teenoor 27% van die totale aantal meisies se voorvalle in die oggend plaasgevind het. 56% van die seuns en 42% van die meisies het gerapporteer dat hulle in die middag mishandel is. Terwyl 30% van die seuns en 13% van die meisies gerapporteer het dat die voorvalle in die aand plaasgevind het. Laastens het 10% van die seuns en 18% van die meisies gerapporteer dat hulle nie kon onthou watter tyd van die dag die voorval plaasgevind het nie.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies was, is 'n Chi-kwadraat analise tussen die twee groepe uitgevoer. Hierdie analise het getoon dat seuns beduidend meer gereeld in die aand mishandel is, met χ^2 (1, n = 54) = 7.41, $p < .01$, terwyl meisies weer beduidend meer gereeld in die oggend mishandel is, met χ^2 (1, n = 41) = 23.44, $p < .01$. Laastens was dit ook die meisies wat beduidend meer as die seuns nie kon onthou watter tyd van die dag die voorval plaasgevind het nie, met χ^2 (1, n = 36) = 4.00, $p < .05$.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3 DIMENSIE DRIE: SOSIALE VERHOUDINGS:

4.3.1 Huwelikstaat van die ouers

Beskrywende statistiek oor die huwelikstaat van die kinders se ouers, vir die totale groep, word in Tabel 9 weergegee.

Tabel 9

Beskrywende statistiek oor die Huwelikstaat van die kinders se ouers (Totale groep)

Huwelikstaat	Persentasie
Getroud	24%
Woon apart	19%
Woon saam	12%
Geskei	6%
Geen verhouding	2%
Verloof	1%
Onbekend	36%

Uit Tabel 9 blyk dit dat slegs 24% van die kinders se ouers getroud is, 19% van die kinders se ouers woon apart en 12% se ouers woon saam. 6% van die kinders se ouers is geskei en by 2% van die gevalle is daar gerapporteer dat daar geen verhouding tussen die kinders se ouers bestaan nie. Die gevalle waar die ouers verloof is, is by 1% van die gevalle gerapporteer terwyl die laaste 36% van die gevalle nie die huwelikstaat van hul ouers gerapporteer het nie en gevolglik is dit as onbekend gerapporteer. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (5, N = 164) = 99.82, $p < .001$. Dit blyk dus dat wanneer kinders mishandel of verwaarloos word, hulle uit gesinne kom waar die huwelikstaat van die ouers beduidend meer beskryf word as getroud, teenoor die ander tipe beskrywings wat voorgekom het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beskrywende statistiek oor die huwelikstaat van die ouers vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik, word in Tabel 10 weergegee.

Tabel 10

Beskrywende statistiek oor die Huwelikstaat van die ouers vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Huwelikstaat van die ouers	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Getroud	25%	23%
Woon apart	19%	19%
Woon saam	15%	10%
Geskei	6%	6%
Geen verhouding	2%	2%
Verloof	*0%	0,7%
Onbekend	33%	39,3%

*Nota: Geen een van die seuns se ouers het gerapporteer dat hulle verloof is nie.

Uit Tabel 10 blyk dit dat 25% van die totale aantal seuns en 23% van die totale aantal meisies gerapporteer het dat hul ouers getroud is. By beide die totale aantal seuns en die totale aantal meiseis het 19% van die gevalle gerapporteer dat die ouers apart woon. 15% van die seuns en 10% van die meisies se ouers woon saam, terwyl 6% van die seuns en 6% van die meisies se ouers geskei is. Beide die seuns en die meisies het elk in 2% van die gevalle gerapporteer dat daar geen verhouding tussen hul ouers is nie. Verder het geen seuns gerapporteer dat hul ouers verloof is nie, terwyl 0,7% van die meisies wel genoem het dat hul ouers verloof is. Die laaste 33% van die seuns en 39,3% van die meisies het gerapporteer dat die huwelikstaat van hul ouers onbekend is.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies was, is Chi-kwadraat analises op die verskillende groepe uitgevoer. Geen statisties beduidende verskille is egter aangetref nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.2 Kenmerke wat die huweliksverhouding van die ouers beskryf

Beskrywende statistiek wat die kenmerke van die huweliksverhouding tussen die ouers aandui, word vir die totale groep in Tabel 11 weergegee.

Tabel 11

Beskrywende statistiek wat die Kenmerke van die Huweliksverhouding tussen die ouers beskryf (Totale groep)

Kenmerk	Persentasie
Verhouding Goed	17 %
Verhouding Swak	14 %
Geen verhouding	10 %
Fisiese mishandeling	7 %
Negatief	45 %
Gemiddeld	5 %
Gespanne verhouding	2 %

Uit Tabel 11 blyk dit dat 17% van die ouers gerapporteer het dat hulle 'n goeie huweliksverhouding het. 14% van die ouers het hul verhouding as swak beskryf terwyl, 10% aangedui het dat hulle geen verhouding meer het nie. 7% het genoem dat daar fisiese mishandeling binne die verhouding plaasvind en 'n verdere 2% van die verhoudings is as gespanne beskryf. 5% het hul verhoudings as gemiddeld beskryf en negatiewe woorde soos vervreemd, wankelrig, bakleierig en problematies het die laaste 45% van die verhoudings beskryf. Dit blyk dus dat die meeste huwelikke as negatief (45%) beskryf is, terwyl die minste huwelikke as gespanne (2%) beskryf is. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensie beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (6, N = 256) = 219.09, $p < .001$. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel en verwaarloos word, beduidend meer uit huise kom waar die ouers hulle huwelik as negatief beskryf teenoor die ander tipe beskrywings wat voorgekom het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 12

Beskrywende statistiek wat die kenmerke van die Huweliksverhoudig tussen die ouers beskryf vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Kenmerk	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Verhouding Goed	18%	16%
Verhouding Swak	11%	17%
Geen verhouding	9%	11%
Fisiese mishandeling	9%	5%
Negatief	46%	44%
Gemiddeld	5%	5%
Gespanne verhouding	2%	2%

Uit Tabel 12 blyk dit dat 18% van die totale aantal seuns en 16% van die totale aantal meisies die verhouding tussen hulle ouers as goed beskryf het. By 11% van die seuns en 17% van die meisies is die verhouding as swak beskryf terwyl 9% van die seuns en 11% van die meisies gerapporteer het dat daar geen huweliksverhouding tussen hul ouers is nie. Fisiese mishandeling vind plaas in die huweliksverhouding van die ouers by 9% van die seuns en by 5% van die meisies. By beide die seuns en die meisies is 5% van die huweliksverhoudings tussen die ouers as gemiddeld beskryf. Net so het 2% van die seuns en 2% van die meisies die huweliksverhouding tussen hulle ouers as gespanne beskryf terwyl 46% van die seuns en 44% van die meisies die verhouding tussen hul ouers as negatief beskryf het.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen die seuns en meiseis was, is Chi-kwadraatanalises op die verskillende beskrywings uitgevoer. Geen beduidende verskille is egter aangetref nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.3 Beskrywing van die verhouding wat die kinders met hul moeders het

Beskrywende statistiek van die verhouding wat die kinders met hul moeders het, vir die totale groep, word in Tabel 13, weergegee.

Tabel 13

Beskrywende statistiek van die Verhouding wat die kinders met hul moeders het (Totale groep)

Beskrywing van Verhouding	Persentasie
Goed	34%
Negatief	12,9 %
Gemiddeld	8,2 %
Bevraagteken	3,5%
Swak	9,8%
Sorgsaam	2,7%
Onbekend	28,9%

Uit Tabel 13 blyk dit dat 34% van die gevalle 'n goeie verhouding tussen die kind en die moeder gerapporteer het. 'n Swak verhouding is in 9,8% van die gevalle gerapporteer en 8,2% het die verhouding as gemiddeld beskryf. 3,5% van die gevalle bevraagteken die verhouding wat hulle met hul moeders het. Hier het woorde soos moeilik, vervreemd, apaties en verwerpend 12,9% van die verhoudings tussen die moeder en die kind beskryf en is geklassifiseer as negatief. 'n Verdere 2,7% het die verhouding as sorgsaam beskryf, terwyl die laaste 28,9% nie 'n beskrywing gegee het van die verhouding tussen hul moeder en hulself nie. Uit Tabel 13 blyk dit dus dat die meeste kinders (34%) die verhouding wat hulle met hulle moeder het as goed beskryf het, terwyl die minste kinders (2,7%) bogenoemde verhouding as sorgsaam beskryf het. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (5, N = 182) = 137.15, $p < .001$. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel en verwaarloos word beduidend meer die verhouding wat hulle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met hulle moeders het as goed beskryf teenoor die ander tipe beskrywings wat voorgekom het.

Beskrywende statistiek oor die verhouding wat die kinders met hul moeders het, vir die totale aantal seuns en die totale aantal meisies afsonderlik word in Tabel 14 weergegee.

Tabel 14

Beskrywende statistiek van die Verhoudings wat die kinders met hul moeders het vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Beskrywing van verhouding	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Goed	28%	39%
Negatief	13,5%	12%
Gemiddeld	10%	7%
Bevraagteken	4%	3%
Swak	10,5%	9%
Sorgsaam	5%	1%
Onbekend	29%	29%

Uit Tabel 14 blyk dit dat 28% van die seuns en 39% van die meiseis die verhouding wat hulle met hul moeder het as goed beskryf het. Net so het 10% van die seuns en 7% van die meisies die verhouding met hul moeder as gemiddeld beskryf, terwyl 10,5% van die seuns en 9% van die meisies weer die verhouding as swak beskryf het. Verder het 5% van die seuns en 1% van die meisies die verhouding as sorgsaam beskryf terwyl 4% van die seuns en 3% van die meisies die verhouding wat hulle met hul moeder het, bevraagteken. 13,5% van die seuns en 12% van die meisies het die verhouding as negatief beskryf. Die laaste 29% van die seuns en die meisies het nie die verhouding met hul moeder beskryf nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies is, wat betref die verhouding wat hulle met hulle moeders het, is Chi-kwadraatanalises op die data uitgevoer. Geen statisties beduidende verskille is aangetref nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.4 Beskrywing van die verhouding wat die kinders met hul vaders het

Beskrywende statistiek oor die verhouding wat die kinders met hul vaders het, vir die totale groep, word in Tabel 15 weergegee.

Tabel 15

Beskrywende statistiek van die Verhouding wat die kinders met hul vaders het (Totale groep)

Beskrywing van die verhouding	Persentasie
Goed	21 %
Swak	18 %
Gemiddeld	9 %
Geen	7 %
Negatief	4 %
Bevraagteken	2 %
Onbetrokke	2 %
Onbekend	37%

Uit Tabel 15 blyk dit dat die verhouding tussen die vader en die kind in 21% van die gevalle as goed beskryf is. 18% het die verhouding as swak beskryf, terwyl 9% dit as gemiddeld beskryf het. "Negatief," "moeilik" en "gespanne" was kenmerkende woorde wat 4% van die verhoudings beskryf het en is as negatief geklassifiseer. 2% van die gevalle het die verhouding met hul vader bevraagteken. Daar was ook 'n verdere 2% wat die verhouding as onbetrokke beskryf het, terwyl 7% weer genoem het dat daar geen verhouding tussen die kind en die vader bestaan nie. Die laaste 37% van die kinders het geen beskrywing van die tipe verhouding wat heers tussen hulself en hul vader gegee nie. Net soos by die moeders blyk dit uit Tabel 15 dat die meeste kinders die verhouding wat hulle met hulle vader het as goed beskryf het (21%), terwyl die minste kinders die verhouding as onbetrokke (2%) beskryf het of die verhouding bevraagteken het (2%). 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (6, N = 161) = 101.39, $p < .001$. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel en verwaarloos word beduidend meer die verhouding wat hulle met hulle vaders het as goed beskryf, teenoor die ander tipe beskrywings wat gerapporteer is.

Beskrywende statistiek oor die verhouding wat die kinders met hulle vaders het vir die totale aantal seuns en die totale aantal meisies afsonderlik, word in Tabel 16 weergegee.

Tabel 16

Beskrywende statistiek van die Verhouding wat die kinders met hul vaders het vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Beskrywing van die verhouding	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Goed	17%	24%
Swak	19%	17,5%
Gemiddeld	11%	6%
Geen	9%	5,5%
Negatief	4%	4%
Bevraagteken	2%	3%
Onbetrokke	2%	3%
Onbekend	36%	37%

Uit Tabel 16 blyk dit dat 17% van die seuns en 24% van die meisies die verhouding wat hulle met hul vader het as goed beskryf. 19% van die seuns en 17,5% van die meisies het die verhouding as swak beskryf terwyl 'n verdere 11% van die seuns en 6% van die meisies die verhouding as gemiddeld beskryf het. Net so het 9% van die seuns en 5,5% van die meisies gerapporteer dat daar geen verhouding tussen hulle en hul vader is nie. 2% van die seuns en 3% van die meisies het die verhouding as onbetrokke beskryf. Netso het 2% van die seuns en 3% van die meisies die verhouding wat hulle met hul vader het, bevraagteken het. Beide die seuns en die meisies het elk 4% van die verhoudings met hul vaders as negatief beskryf. Terwyl die laaste 36% van die seuns en 37% van die meisies

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie die verhouding met hulle vaders beskryf het nie en gevolglik is hierdie kategorie as onbekend geklassifiseer.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies, en die verhouding wat hulle met hul vader het bestaan, is verskillende Chi-kwadraatanalises uitgevoer. Geen beduidende verskille is aangetref nie.

4.3.5 Wie het die kinders na die Eenheid verwys?

Beskrywende statistiek oor wie die kinders na die Eenheid verwys het, vir die totale groep, word in Tabel 17 weergegee.

Tabel 17

Beskrywende statistiek oor wie die kinders na die Eenheid Verwys het (Totale groep)

Verwysing	Persentasie
Dokters van Tygerberg Hospitaal	50 %
Ander	8,5 %
Daghospitale	5 %
Sielkundiges	2,5 %
Klinieke	2,5 %
Maatskaplike werkers	2 %
Onbekend	29,5%

Uit Tabel 17 blyk dit dat daar hoofsaaklik sewe verskillende maniere was waarop die kinders na die Eenheid verwys is. Eerstens was 50% van die totale groep kinders na die Eenheid verwys deur dokters van verskillende departemente van die hospitaal. Die tweede kategorie is geklassifiseer as 'Ander' aangesien verskillende mense wat in verskillende verhoudings tot die kind staan, verantwoordelik was vir die verwysings. 8,5% van die totale groep kinders is deur onderwysers, vriende, *Child Line*, 'n kinderbeskermingseenheid of 'n familielid verwys en is gevolglik in hierdie kategorie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geplaas. Derdens het daghospitale 5% van die gevalle verwys, terwyl sielkundiges en klinieke elk 2,5% verwys het. Maatskaplike werkers het weer 2% van die verwysings gedoen, terwyl die laaste 29,5% van die totale groep kinders nie aangedui het wie hulle na die Eenheid toe verwys het nie. Die meeste kinders (50%) is dus deur verskillende dokters van Tygerberg hospitaal na die Eenheid verwys, terwyl die minste kinders (2%) deur maatskaplike werkers verwys is. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (5, N = 180) = 391.13, $p < .001$. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel en verwaarloos word, beduidend meer na die Eenheid verwys word deur dokters van Tygerberg hospitaal as deur die ander kategorieë wat genoem is.

Beskrywende statistiek oor wie die kinders na die Eenheid verwys het, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik, word in Tabel 18 weergegee.

Tabel 18

Beskrywende statistiek oor wie die kinders na die Eenheid Verwys het vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Verwysing	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Dokters van Tygerberg Hospitaal	56%	45%
Ander	6%	11%
Daghospitale	5%	5%
Sielkundiges	1,5%	3%
Klinieke	1.5%	3%
Maatskaplike werkers	2%	2%
Onbekend	28%	31%

Uit Tabel 18 blyk dit dat 56% van die seuns en 45% van die meisies deur verskillende dokters van Tygerberg Hospitaal na die Eenheid verwys is. Daghospitale het 5% van die seuns en 5% van die meisies na die Eenheid verwys terwyl sielkundiges 1,5% van die seuns en 3% van die meisies verwys het. Verder is 1,5% van die seuns en 3% van die meisies deur veskillende klinieke verwys en net so is 2% van die seuns en 2% van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

meisies deur maatskaplike werkers verwys. Die volgende 6% van seuns en 11% van die meisies is deur die kategorie 'Ander' (soos reeds verduidelik) na die Eenheid verwys. Terwyl die laaste 28% van die seuns en 31% van die meisies nie aangemeld het wie hulle na die eenheid verwys het nie.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies is, wat betref wie die kinders na die Eenheid verwys het, is verskeie Chi-kwadraatanalises op die twee groepe uitgevoer. Geen beduidende verskille is tussen seuns en meisies aangetref nie.

4.3.6 Polisiebetrokkenheid

Beskrywende statistiek ten opsigte van polisiebetrokkenheid, vir die totale groep kinders en vir seuns en meisies afsonderlik, word in Tabel 19 en Tabel 20 weergegee.

Tabel 19

Beskrywende statistiek oor die persentasie Polisiebetrokkenheid (Totale groep)

Polisiebetrokkenheid	Totale Groep
Polisie wel betrokke	28 %
Polisie nie betrokke nie	31 %
Onbekend	41%

Uit Tabel 19 blyk dit dat daar vir die totale groep kinders slegs 28% van die gevalle was wat aangedui het dat hulle die voorval by die polisies aangemeld het, teenoor die 31% van die kinders wat nie die voorval by die polisie aangemeld het nie. Die laaste 41% van die kinders het nie aangedui of hulle die voorval by die polisie aangemeld het nie, en is gevolglik as onbekend geklassifiseer. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies nie beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies nie. Dit blyk dus dat daar nie 'n beduidende verskil is in die mate waartoe die voorvalle van kindermishandeling en –verwaarlosing by die polisie aangemeld is nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 20

Beskrywende statisitek oor die persentasie Polisiebetrokkenheid vir die totale aantal seuns en meisies afsondelik

Polisiebetrokkenheid	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Polisie wel betrokke	20%	36%
Polisie nie betrokke nie	39%	23%
Onbekend	41%	41%

Uit Tabel 20 blyk dit dat, uit die totale aantal seuns, 20% van hulle die voorval wel by die polisie aangemeld het teenoor die 39% van die seuns wat nie die voorval aangemeld het nie. Net so het 36% van al die meisies die voorval wel aangemeld, terwyl 23% van hulle weer nie die voorval aangemenld het nie. Beide die seuns en die meisies het elk in 41% van die gevalle nie aangedui of hulle wel die voorval by die polisie aangemeld het of nie, en is gevolglik as onbekend geklassifiseer.

Om vas te stel of daar 'n statisties beduidende verskil vir polisiebetrokkenheid tussen seuns en meisies is, is 'n Chi-kwadraatanalise uitgevoer. Die resultate toon dat die meisies beduidend meer gereeld as seuns die voorvalle by die polisie aangemeld het, met $\chi^2 (1, n = 72) = 6.72, p < .01$.

4.4 DIMENSIE VIER: MAATSKAPLIKE OMSTANDIGHEDE

4.4.1 Behuising en omgewing: Inwonertal

Beskrywende statistiek oor die getal inwoners wat in die huise woon waaruit die kinders kom, vir die totale groep, word in Tabel 21 weergegee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 21

Beskrywende persentasies van die hoeveelheid Inwoners in die huise waaruit die kinders kom (Totale groep)

Inwonertal	Persentasie
Inwonertal minder of gelyk aan 3	9,8 %
Inwonertal meer as 3 of minder as 8	27,7 %
Inwonertal meer as of gelyk aan 8	9,8 %
Inwonertal onbekend	52,7 %

Uit Tabel 21 blyk dit dat 27,7% van die gevalle aangedui het dat hulle uit wonings kom waar daar meer as drie en minder as agt mense bly. 9,8% van die gevalle kom uit wonings waar die inwonertal minder of gelyk aan drie was en net so kom 'n verdere 9,8% uit wonings waar die inwonertal meer as agt was. Die laaste 52,7% van die gevalle het nie gerapporteer hoeveel mense daar in die woning bly nie, en is gevolglik as onbekend geklassifiseer. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (2, N = 121) = 33.20, $p < .001$. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel en verwaarloos word, beduidend meer uit wonings kom waar die inwonertal meer as drie of minder as agt is as uit wonings waar die inwondertal verskil van bogenoemde getal.

Beskrywende statistiek oor die getal inwoners wat in die huise woon waaruit die kinders kom, vir die totale aantal seuns en die totale aantal meisies afsonderlik, word in Tabel 22 weergegee.

Tabel 22

Beskrywende statisitek van die hoeveelheid Inwoners in die huise waaruit die kinders kom vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Inwondertal	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Inwonertal minder of gelyk aan 3	11%	8%
Inwonertal meer as 3 of minder as 8	24%	31%

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 22 (vervolg)

Inwondertal	Persentasie seuns	Persentasie Meisies
Inwonertal meer as of gelyk aan 8	13%	7%
Inwonertal onbekend	52%	54%

Uit Tabel 22 blyk dit dat, uit die totale aantal seuns, 11% gerapporteer het dat hulle uit wonings kom waar die inwonertal minder of gelyk aan drie is. Net so het 8% van die totale aantal meisies gerapporteer dat hulle uit wonings kom waar die inwonertal minder of gelyk aan drie is. 24% van die seuns en 31% van die meisies kom uit wonings waar die inwonertal meer as drie of minder as agt is, terwyl 13% van die seuns en 7% van die meisies uit wonings kom waar die inwonertal meer as 8 of gelyk aan 8 is. 52% van die seuns en 54% van die meisies het nie aangedui hoeveel mense daar in hul huis woon nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies is wat betref die aantal inwoners in hul huise, is verskeie Chi-kwadraatanalises op die data uitgevoer. Geen beduidende verskille is aangetref nie.

4.4.2 Substansmisbruik deur die ouers

Beskrywende statistiek oor substansmisbruik deur die ouers, vir die totale groep, word in Tabel 23 weergegee.

Tabel 23

Beskrywende statistiek oor Substansmisbruik van die moeders en vaders (Totale groep)

Substans wat misbruik word	Moeders	Vaders
Alkohol	26,56 %	23,83 %
Dwelms	3,91%	7,03 %
Rook	5,86%	2,73 %

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 23 (vervolg)

Substans wat misbruik word	Moeders	Vaders
Geen	25 %	10,94 %
Onbekend	38,67 %	55,47 %

Uit Tabel 23 blyk dit dat 23,83% van die vaders en 26,56% van die moeders gerapporteer het dat hulle alkohol misbruik. Dwelms word in 7.03% en 3,91% van die gevalle onderskeidelik deur die vader en die moeder misbruik. Moeders rook in 5,86% van die gevalle terwyl die vaders slegs in 2,73% van die gevalle rook. 10,94% van die vaders en 25% van die moeders het gerapporteer dat hulle geen middels misbruik nie. By die laaste 38,67% van die moeders en die laaste 55,47% van die vaders is daar nie gerapporteer of enige substanse wel misbruik word of nie, en is gevolglik as onbekend geklassifiseer.

'n Chi-kwadraat ontleding vir substansmisbruik deur die moeders, het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (3, N = 157) = 71.95, $p < .001$. Dit blyk dus dat die moeders beduidend meer alkohol misbruik as wat hulle ander substanse misbruik. Net so het 'n chi-kwadraat ontleding vir substansmisbruik deur die vaders, aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (3, N = 89) = 90.14, $p < .001$. Dit blyk dus dat, net soos by die moeders, die vaders ook beduidend meer alkohol misbruik as wat hulle ander substanse misbruik.

Beskrywende statistiek oor die substansmisbruik deur die ouers, vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik, word in Tabel 24 weergegee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 24

Beskrywende statisitek oor die Substansmisbruik deur die ouers vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

	Seuns		Meisies	
Substans wat misbruik word	**Moeder**	**Vader**	**Moeder**	**Vader**
Alkohol	30%	31%	23%	17%
Dwelms	5%	8%	3%	6%
Rook	7%	4%	5%	2%
Geen	21%	9%	29%	13%
Onbekend	37%	48%	40%	62%

Uit Tabel 24 blyk dat 30% van die seuns se moeders en 31% van die seuns se vaders alkohol misbruik. Net so het 23% van die meisies se moeders en 17% van die meisies se vaders gerapporteer dat hulle alkohol misbruik. Dwelms word deur 5% van die seuns se moeders en deur 8% van die seuns se vaders misbruik, terwyl 3% van die meisies se moeders en 6% van die meisies se vaders dwelms misbruik. 7% van die seuns se moeders en 4% van hul vaders rook, teenoor die 5% van die meisies se moeders en 2% van hul vaders wat rook. 21% van die seuns se moeders en 9% van hul vaders het gerapporteer dat hulle geen middels misbruik nie, terwyl 29% van die meisies se moeders en 13% van hul vaders weer gerapporteer het dat hulle geen middels misbruik nie. Verder het 37% van die seuns se moeders en 48% van die seuns se vaders geen inligting verskaf oor middelmisbruik nie. Net so het 40% van die meisies se moeders en 62% van die meisies se vaders nie inligting verskaf rakende middelmisbruik nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies voorkom rakende hul ouers se middelmisbruik, is verskeie Chi-kwadraatanalises op die data uitgevoer. Die enigste statisties beduidende verskil wat aangetref is, is dat seuns wat mishandel word, se kans om 'n pa te hê wat alkohol misbruik, beduidend groter is as dié van 'n meisie, met χ^2 (1, n = 60) = 4.267, $p < .05$.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.4.3 Kriminele rekord van ouers

Beskrywende statistiek oor die kriminele rekord van die ouers, vir die totale groep, word in Tabel 25 weergegee.

Tabel 25

Beskrywende statistiek oor die Kriminele Rekord van die ouers (Totale groep)

Kriminele rekord	Moeders	Vaders
Het rekord	0%*	9 %
Geen rekord	23 %	13 %
Rekord onbekend	77 %	78 %

*Nota: Slegs een moeder het 'n kriminele rekord gerapporteer.

Uit Tabel 25 blyk dit dat 23% van die moeders en 13% van die vaders aangedui het dat hul geen kriminele rekord het nie. 77% van die moeders en 78% van die vaders het op die vraelys aangedui dat hul kriminele rekord onbekend is. Laastens het slegs 9% van die vaders aangedui dat hul wel 'n kriminele rekord het.

'n Chi-kwadraat ontleding oor die kriminele rekord van die moeders, het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (1, N = 60) = 56.06, $p < .001$. Dit blyk dus dat die moeders van kinders wat mishandel en verwaarloos word, beduidend meer geen kriminele rekord het nie as wat hulle wel 'n kriminele rekord sal hê. In teenstelling hiermee het 'n chi-kwadraat ontleding oor die kriminele rekord van die vaders, aangetoon dat die waargenome frekwensies nie beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies nie. Dit blyk dus dat daar nie 'n beduidende verskil is in die mate waartoe kinders wat mishandel en verwaarloos word, se vaders kriminele rekords het nie.

Beskrywende statistiek oor die kriminele rekord van die ouers, vir seuns en meisies afsonderlik word in Tabel 26 weergegee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 26

Beskrywende statistiek oor die Kriminele Rekord van die ouers vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

	Seuns		Meisies	
Kriminele rekord	**Moeder**	**Vader**	**Moeder**	**Vader**
Het rekord	0,8%	7,3%	0%	9,9%
Geen rekord	19,4%	13,7%	27,3%	12,1%
Rekord onbekend	79,8%	79%	72,7%	78%

Uit Tabel 26 blyk dit dat slegs 0,8% van die seuns se moeders 'n kriminele rekord het, terwyl geen van die meisies se moeders 'n kriminele rekord het nie. 7,3% van die seuns se vaders en 9,9% van die meisies se vaders het aangedui dat hulle wel 'n kriminele rekord het. Verder het 19,4% van die seuns se moeders en 27,3% van die meisies se moeders genoem dat hulle geen kriminele rekord het nie, terwyl 13,7% van die seuns se vaders en 12,1% van die meisies se vaders ook gerapporteer het dat hulle geen kriminele rekord het nie. Laastens het 79,8% van die seuns se moeders, 72,7% van die meisies se moeders, 79% van die seuns se vaders en 78% van die meisies se vaders almal hulle kriminele rekord as onbekend gerapporteer.

Om vas te stel of daar enige statistiek beduidende verskille tussen seuns en meisies voorkom, wat betref die kriminele rekord van hulle ouers, is verskeie Chi-kwadraat-analises uitgevoer. Geen beduidende verskille het voorgekom nie.

4.5 DIMENSIE VYF: EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE

4.5.1 Werkrekord van ouers

Beskrywende statistiek oor die werkrekord van die ouers, vir die totale groep, word in Tabel 27 weergegee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 27

Beskrywende statistiek oor die Werkrekord van die ouers (Totale groep)

	Moeders	Vaders
Persentasie Werkend	28 %	32 %
Persentasie Nie Werkend	40 %	19 %
Onbekend	32%	49 %

Uit Tabel 27 blyk dit dat 28% van die moeders en 32% van die vaders gerapporteer het dat hulle werkend is, terwyl 40% van die moeders en 19% van die vaders weer gerapporteer het dat hulle werkloos is. Die laaste 32% van die moeders en 49% van die vaders het nie gerapporter of hulle werkend of nie werkend is nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer. 'n Chi-kwadraat ontleding oor die werkrekord van die moeders, het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (1, N = 174) = 5.17, $p < .05$. Dit blyk dus dat die moeders van kinders wat mishandel en verwaarloos word, beduidend meer nie werkend is, as wat hulle werkend is. In teenstelling hiermee het 'n chi-kwadraat ontleding oor die werkrekord van die vaders aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (1, N = 131) = 7.81, $p < .005$. Dit blyk dus dat die vaders van kinders wat mishandel en verwaarloos word beduidend meer werkend is as wat hulle nie werkend is nie.

Beskrywende statisitek oor die werkrekord van die ouers, vir seuns en meisies afsonderlik, word in Tabel 28 weergegee.

Tabel 28

Beskrywende statistiek oor die Werkrekord van die ouers vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

	Seuns		Meisies	
Werkrekord	**Moeder**	**Vader**	**Moeder**	**Vader**
Persentasie werkend	24%	36%	31%	29%

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 28 (vervolg)

	Seuns		Meisies	
Werkrekord	**Moeder**	**Vader**	**Moeder**	**Vader**
Persentasie nie-werkend	44%	19%	37%	18%
Onbekend	32 %	45%	32%	53%

Uit Tabel 28 blyk dit dat 24% van die seuns se moeders en 31% van die meisies se moeders wel werk, terwyl 36% van die seuns se vaders en 29% van die meisies se vaders ook gerapporteer het dat hul werkend is. Verder het 44% van die seuns se moeders en 37% van die meisies se moeders gerapporteer dat hulle nie-werkend is nie. Net so het 19% van die seuns se vaders en 18% van die meisies se vaders gerapporteer dat hulle nie-werkend is. Beide die seuns en die meisies se moeders het elk in 32% van die gevalle nie gerapporteer of hulle werkend is of nie, terwyl 45% van die seuns se vaders en 53% van die meisies se vaders ook nie gerapporteer het of hulle werkend is of nie. Gevolglik is hierdie kategoriegeklassifiseer as onbekend.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies is, wat betref die werkrekord van hulle ouers, is verskeie Chi-kwadraatanalises op die data uitgevoer. Geen statisties beduidende verskille is aangetref nie.

4.5.2 Inkomste per maand

Beskrywende statistiek oor die totale inkomste per maand van die huishoudings waaruit die kinders kom, word in Tabel 29 vir die totale groep, weergegee.

Tabel 29

Beskrywende statistiek oor die totale Inkomste per maand van die huishoudings waaruit die kinders kom (Totale groep)

Inkomste per maand	Persentasie
Inkomste gelyk aan of minder as R400	6 %

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 29 (vervolg)

Inkomste per maand	Persentasie
Inkomste tussen R400 en R1 000	11 %
Inkomste tussen R1 000 en R2 500	14 %
Inkomste meer as R2 500	5 %
Inkomste onbekend	64 %

Uit Tabel 29 blyk dit dat kinders wat mishandel is in 6% van die gevalle uit huishoudings kom waar die inkomste gelyk aan of minder as R400 per maand is. 11% van mishandelde kinders kom uit huishoudings waar die inkomste tussen R400 en R1000 per maand is. 'n Verdere 14% kom uit huishoudings waar die inkomste tussen 'n R1000 en R2500 per maand is en die volgende 5% kom uit huishoudings waar die inkomste meer as R2500 per maand is. Laastens het 64% van die gevalle nie gerapporteer wat die inkomste per maand nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (3, N = 92) = 15.56, $p < .001$. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel en verwaarloos word beduidend meer uit wonings kom waar die inkomste meer as R1 000 en minder as R2 500 is as wat hulle uit wonings kom waar die inkomste verskil van die bogenoemde kategorie.

Beskrywende statistiek oor die totale inkomste per maand van die huishoudings waaruit die kinders kom, vir seuns en meisies afsonderlik, word in Tabel 30 weergegee.

Tabel 30

Beskrywende statistiek oor die totale Inkomste per maand van die huishoudings waaruit die kinders kom vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Inkomste per maand	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Inkomste gelyk aan of minder as R400	7%	5%

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 30 (vervolg)

Inkomste per maand	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Inkomste tussen R400 en R1 000	12%	9%
Inkomste tussen R1 000 en R2 500	11%	17%
Inkomste meer as R2 500	5%	5%
Inkomste onbekend	65%	64%

Uit Tabel 30 blyk dit dat 7% van die seuns en 5% van die meisies uit huishoudings kom waar die inkomste gelyk of minder as R400 per maand is. 12% van die seuns en 9% van die meisies kom weer uit huishoudings waar die inkomste tussen R400 en R1 000 per maand is. Verder het 11% van die seuns en 17% van die meisies uit huishoudings gekom waar die inkomste tussen R1 000 en R2 500 per maand is, terwyl 'n verdere 5% van die seuns en meisies elk uit huishoudings kom waar die inkomste meer as R2 500 per maand is. Die laaste 65% van die seuns en 64% van die meisies het gerapporteer dat die inkomste per maand onbekend is.

Om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies is, wat betref die inkomste per maand van die huidhoudings waaruit hulle kom, is verskeie Chi-kwadraatanalises uitgevoer. Geen statisties beduidende verskille is aangetref nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.6 DIMENSIE SES: DIE OORTREDER

4.6.1 Wie is die oortreder?

Beskrywende statistiek oor wie die oortreder was, word in Tabel 31 vir die totale groep kinders, weergegee.

Tabel 31

Beskrywende statistiek oor die Kategorieë van Oortreders (Totale groep)

Beskrywende Kategorie	Persentasie
Bekende persoon	53 %
Ongeluk	4 %
Seun	3 %
Onbekende persoon	2 %
Oortreder nie aangemeld	38%

Uit Tabel 31 blyk dit dat die oortreders wat verantwoordelik was vir die mishandelings verdeel kan word in vyf verskillende kategorieë. Hierdie kategorieë is geklassifiseer op grond van die tipe verhouding wat heers tussen die kind en die oortreder. Die eerste kategorie was bekende persone. Hierdie kategorie oortreders het ouers, sibbe, 'n oom, tannie, vriend of vriendin van die familie, onderwysers of die dagversorger ingesluit en 53% van die totale groep kinders is mishandel deur hierdie groep oortreders. Die tweede kategorie is beskryf as 'n ongeluk aangesien die kinders in 4% van die gevalle die voorval as 'n ongeluk aangemeld het. Seuns of ander jongmense is saamgevoeg in die derde kategorie en was verantwoordelik vir 3% van die mishandelings. Die vierde kategorie sluit 2% van die mishandelings in en is geklassifiseer as onbekende persone. Hierdie kategorie het alle mishandelings ingesluit waar die oortreder nie bekend was aan die kind nie, byvoorbeeld taxibestuurders, bendelede of iemand wat in die buurt woon. Die laaste 38% van die gevalle het nie aangemeld wie die oortreder was nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

frekwensies, met χ^2 (3, N = 159) = 308.14, p < .001. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel en verwaarloos word beduidend meer deur bekende oortreders mishandel word, as wat hulle deur oortreders van die ander kategorieë mishandel word.

Beskrywende statistiek oor die kategorieë oortreders vir seuns en meisies afsonderlik word in Tabel 32 weergegee.

Tabel 32

Beskrywende statistiek oor die Kategorieë van Oortreders vir die totale aantal seuns en meisies afsonderlik

Beskrywende kategorie	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
Bekende persoon	52%	52%
Ongeluk	3%	5%
Seun	4%	2%
Onbekende persoon	1%	3%
Oortreder nie aangemeld nie	40%	38%

Uit Tabel 32 blyk dit dat 52% van die seuns en 52% van die meisies deur 'n bekende persoon mishandel of verwaarloos is. 1% van die seuns en 3% van die meisies is deur onbekende persone mishandel, terwyl 4% van die seuns en 2% van die meisies deur ander seuns of jongmense mishandel of verwaarloos is. Verder het 3% van die seuns en 5% van die meisies die voorval as 'n ongeluk geklassifiseer, terwyl die laaste 40% van die seuns en 38% van die meisies nie die oortreder aangemeld het nie.

Chi-kwadraatanalises is op elkeen van hierdie kategorieë uitgevoer om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen seuns en meisies bestaan ten opsigte van die oortreders van kindermishandeling en -verwaarlosing. Geen statisties beduidende verskille is aangetref nie. Elke kategorie is verder ontleed op grond van die verskillende oortreders wat binne die kategorieë voorkom (bv., vir bekende persone is moeders, vaders broers, ensovoorts apart ontleed). Hierdie chi-kwadraat analises het slegs een

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

statisties beduidende verskil aangedui; dat moeders statisties beduidend meer geneig was om seuns eerder as meisies te verwaarloos, met χ^2 (1, n = 28) = 5.143, p < .05.

4.6.2 Ouderdom van die oortreders

Beskrywende statistiek oor die ouderdom van die oortreders, vir die totale groep, word in Tabel 33 weergegee.

Tabel 33

Ouderdomsgroepe van die oortreders en die persentasies waarin hulle voorkom (Totale groep)

Ouderdomsgroep	Persentasie
12 jaar en jonger	5 %
Van 13 tot 21 jaar	9 %
Van 22 tot 34 jaar	13 %
Van 35 tot 60 jaar	7 %
Ouderdom onbekend	66%

Uit Tabel 33 blyk dit dat vier ouderdomsgroepe opgestel is om ondersoek in te stel rondom die ouderdomme van die oortreders. Die eerste groep was 12 jaar of jonger en het 5% van al die oortreders uitgemaak. Die tweede groep oortreders was van 13 tot 21 jaar oud en het 9% van die totale groep oortreders uitgemaak. Die volgende groep was van 22 tot 34 jaar oud en 13% van die oortreders was in hierdie groep. Die laaste groep was 35 tot 60 jaar en ouer en het 7% van die oortreders uitgemaak. Die laaste 66% van die oortreders se ouderdomme was nie aangemeld nie en is gevolglik as onbekend geklassifiseer. 'n Chi-kwadraat ontleding het aangetoon dat die waargenome frekwensies beduidend verskil van 'n gelykopverdeling van verwagte frekwensies, met χ^2 (3, N = 87) = 9.65, p < .05. Dit blyk dus dat kinders wat mishandel en verwaarloos word beduidend meer deur oortreders tussen die ouderdom van 22 en 34 jaar mishandel word as deur oortreders in die ander ouderdomskategorieë.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 34

Ouderdomsgroepe van die oortreders en die persentasies waarin hulle voorkom vir die totalte aantal seuns en meisies afsonderlik

Ouderdomsgroep van Oortreder	Persentasie Seuns	Persentasie Meisies
12 jaar en jonger	8%	6%
Van 13 tot 21 jaar	12%	5%
Van 22 tot 34 jaar	13%	12%
Van 35 tot 60 jaar	6%	8%
Onbekend	61%	69%

Uit Tabel 34 blyk dat 8% van die totale aantal seuns en 6% van die totale aantal meisies deur oortreders wat jonger as 12 jaar is, mishandel is. 12% van die seuns en 5% van die meisies is mishandel deur oortreders wat van 13 tot 21 jaar oud was, terwyl 13% van die seuns en 12% van die meisies weer deur oortreders wat van 22 tot 34 jaar oud was, mishandel is. Die volgende 6% van die seuns en 8% van die meisies is deur oortreders van 35 tot 60 jaar mishandel. Terwyl die laaste 61% van die seuns en 69% van die meisies nie die ouderdomme van hul oortreders aangemeld het nie.

Chi-kwadraatanalises is uitgevoer om vas te stel of daar enige statisties beduidende verskille tussen die ouderdomme van oortreders teen seuns en teen meisies is. Hierdie analise het aangedui dat seuns beduidend meer as meisies mishandel word deur oortreders tussen die ouderdom van 13 en 21 jaar, met χ^2 (1, n = 21) = 3.857, $p < 0.05$.

Die data is met verdere Chi-kwadraatanalises ontleed om vas te stel of die ouderdomme van die oortreders vir elke tipe kindermishandeling en -verwaarlosing afsonderlik verskil. Hierdie analises is op beide seuns en meisies afsonderlik uitgevoer. Die enigste statisties beduidende verskil wat hier aangetref is, is dat die gemiddelde ouderdom van die seksuele oortreders teen seuns, beduidend laer is as die gemiddelde ouderdomme van die oortreders van fisiese mishandeling en verwaarlosing van seuns, met χ^2 (3, n = 18) = 33.759, $p < .001$. Hierdie groep seksuele oortreders was gemiddeld 12 jaar en jonger. Vir meisies is daar geen statisties beduidende verskille in die gemiddelde ouderdomme van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die oortreders van die verskillende tipes mishandeling en verwaarlosings afsonderlik aangetref nie.

4.7 SAMEVATTING

Kindermishandeling is 'n algemene verskynsel by beide geslagte, hetsy dit fisiese, emosionele of seksuele kindermishandeling of verwaarlosing is. Die mees beduidende verskille wat tussen die twee geslagte voorgekom het, is dat seuns meer verwaarloos word, terwyl meisies weer meer gereeld seksueel mishandel word. Alhoewel dit die geval was, het seksuele mishandeling van seuns egter by min of meer 'n kwart van die gevalle plaasgevind en vir die totale groep word kinders beduidend meer seksueel mishandel as wat hulle fisies of emosioneel mishandel of verwaarloos word. Wat hierby aansluit is dat die totale groep kinders beduidend meer met geslagsdeelbeserings gerapporteer het as wat hulle met enige ander tipe besering gerapporteer het.

Seuns was weer meer geneig om aan kwasjiorkor te ly, moontlik omdat hulle meer verwaarloos is as meisies. Verder het die seuns ook beduidend meer oogbeserings as die meisies gerapporteer. In teenstelling hiermee was meisies se beserings van 'n meer seksuele aard omdat hulle meer gereeld seksueel mishandel word as seuns. Hierdie tipe beserings was rektale- of anale beserings of geslagsdeelbeserings.

Vir die totale groep kinders vind mishandeling of verwaarlosing beduidend meer in die middag plaas as enige ander tyd van die dag, terwyl seuns beduidend meer gereeld in die aand mishandel word, en meisies weer beduidend meer gereeld in die oggend mishandel word, of nie kon onthou watter tyd van die dag die mishandeling plaasgevind het nie.

Die totale groep kinders het gerapporteer dat hulle ouers beduidend meer uit huwelike kom waar die ouers getroud is en dat die tipe verhouding wat heers tussen die ouers van kinders wat mishandel en verwaarloos word, beduidend meer as negatief beskryf word. In teenstelling hiermee beskryf die totale groep kinders die tipe verhouding wat tussen hulself en hul ouers heers beduidend meer as goed. Geen verskille is hier tussen seuns en meisies aangetref nie.

Wanneer dit kom by die oortreders, word die totale groep kinders beduidend meer deur bekende persone mishandel. Verder is die oortreders, vir die totale groep, ook beduidend

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

meer tussen die ouderdom van 22 en 34 jaar, terwyl seuns teenoor meisies beduidend meer deur oortreders tussen die ouderdom van 13 en 21 jaar mishandel is. Die moeders was ook meer geneig om seuns as meisies te mishandel. Hulle was egter nie die grootste groep oortreders nie, maar die rede waarom hulle seuns eerder as meisies mishandel, is nie duidelik nie

Die ouderdomme van die oortreders van seksuele mishandeling teenoor seuns, het beduidend verskil van die ouderdomme van die oortreders van die ander tipes mishandeling teenoor seuns.

Wanneer die voorval by die polisie aangemeld is, was dit die meisies wat meer gereeld as seuns die klag gaan lê het, maar vir die totale groep was daar geen beduidend verskil of die voorval by die polisie aangemeld is of nie.

Vir die totale groep het kindermishandeling en verwaarlosing beduidend meer by die huis plaasgevind as by enige ander area en misbruik beide die vaders en die moeders beduidend meer alkohol as enige ander substans. Vir seuns en meisies apart is dit die vaders van seuns wat mishandel is, wat beduidend meer alkohol misbruik as die vaders van meisies wat mishandel is.

Vir die totale groep kom kinders wat mishandel en verwaarloos word meestal uit lae-sosioekonomiese gebiede, aangesien hierdie kinders beduidend meer uit wonings kom waar die inwonertal tussen drie en agt is, terwyl hulle ook beduidend meer uit wonings kom waar die inkomste tussen R1 000 en R2 500 per maand is. Wat hierby aansluit is dat die moeders van kinders wat mishandel of verwaarloos word beduidend meer nie werkend is, terwyl hulle vaders weer beduidend meer werkend is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

BESPREKING

5.1 ALGEMENE BESPREKING

Kindermishandeling is 'n verskynsel wat algemeen by seuns en meisies voorkom. Verskeie studies het getoon dat daar, in die geval van kindermishandeling, nie genoeg aandag aan seuns gegee word nie. Verder word daar ook nie genoeg vergelykings getref tussen seuns en meisies nie. Wat die voorkomssyfer van kindermishandeling betref, is daar onduidelikheid. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan verskillende definisies wat in verskeie studies gebruik is, verskillende maniere van dataversameling en -verwerking en verskillende maniere waarop die populasie vir elke studie gekies is (Hasket, Marziano & Dover, 1996; Holmes & Slap, 1998; Olsson et al., 2000; Putman, 2003; Reinart, 1987). Volgens Dawes, Long, Alexander en Ward (2006) is daar 'n verdere faktor wat bydra tot die onduidelikheid oor die voorkomssyfer van kindermishandeling en -verwaarlosing en dit is dat kindermishandeling en -verwaarlosing oor die algemeen nie genoeg gerapporteer word nie.

Die eerste twee probleme wat hierbo genoem is, is egter nie van toepassing op die huidige studie nie, aangesien seuns (48,44%) en meisies (51,56%) genoegsaam verteenwoordig is en daar voldoende vergelykings tussen die twee geslagte getref is. Die huidige studie se bevindinge is grotendeels in teenstelling met die enkele studies wat wel aandui hoeveel seuns en meisies daar afsonderlik teenwoordig is aangesien bogenoemde studies noem dat seuns gewoonlik van 9% - 14% en meisies van 86% - 91% van die totale aantal gevalle verteenwoordig (De Jong, Emmit & Hervada, 1982; Spencer & Dunklee, 1986), terwyl die huidige studie aandui dat seuns en meisies min of meer in gelyke hoeveelhede verteenwoordig is. Die meeste ander studies dui slegs die totale aantal deelnemers aan en geen onderskeid word getref tussen seuns en meisies nie .

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Studies oor kindermishandeling en -verwaarlosing varieer grootliks regdeur die literatuur aangesien elke studie op verskillende aspekte van kindermishandeling en -verwaarlosing fokus. Net so fokus die huidige studie ook op verskillende aspekte van kindermishandeling en -verwaarlosing. Daar is egter slegs enkele ander studies aangetref waarin, soos in die huidige studie, die verskillende tipes kindermishandeling en -verwaarlosing tussen die twee geslagte vergelyk word.

Die eerste resultate van hierdie studie het aangedui dat 27% van alle aangemelde gevalle fisies mishandel word. Van hulle was 21% meisies en 33% was seuns. Hierdie resultate dui aan dat, vir fisiese mishandeling daar geen statisties beduidende verskil is tussen seuns en meisies nie. Die voorkomssyfer van fisiese kindermishandeling in die huidige studie verskil egter van dié van McGee et al. (1995), aangesien hulle bevind het dat 66,25% van alle aangemelde gevalle fisies mishandel word. In 'n ander studie deur Meston et al. (1999) is bevind dat meisies in 51,69% van die gevalle en seuns in 71 - 82% van die gevalle fisies mishandel word. Laasgenoemde twee studies se resultate verskil dus drasties van die huidige studie se resultate aangesien die voorkomssyfer van fisiese mishandeling baie hoër is by bogenoemde twee studies. In teenstelling hiermee is daar 'n verdere studie deur Gore-Felton, Koopman, McGarvey, Hernandez en Canterbury (2001) wat die huidige studie beter ondersteun aangesien die skrywers gevind het dat fisiese mishandeling in 5,9 tot 25,9% van die gevalle voorkom.

In die huidige studie is gevind dat die voorkomssyfer van fisiese mishandeling tussen seuns en meisies, nie beduidend verskil nie. Hierdie bevinding is egter in teenstelling met die meeste studies in die literatuur, aangesien Gore-Felton et al. (2001); McGee et al. (1995) en Meston et al. (1999) almal gerapporteer het dat daar wel beduidende verskille in die voorkomssyfer van fisiese mishandeling tussen seuns en meisies is. Gore-Felton. (2001) het gerapporteer dat meisies beduidend meer fisies mishandel word as seuns, terwyl in die ander twee bogenoemde studies gevind is dat seuns meer fisies mishandel word as meisies. In vergelyking met die meeste ander studies in die literatuur, wat gemiddeld oor vyf tot tien jaar gestrek het, het die huidige studie slegs oor een jaar gestrek en dus bestaan die moontlikheid dat daar nie genoeg gevalle van fisiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mishandeling aangemeld het om voldoende onderskeid tussen seuns en meisies te tref nie. Gevolglik kan dit 'n moontlike rede wees waarom daar geen statisties beduidende veskille in die voorkomssyfer van fisiese mishandeling tussen seuns en meisies aangetref is nie. Dit blyk dus dat die voorkomssyfer van fisiese mishandeling regdeur die literatuur verskillend gerapporteer is.

Uit die volgende resultate van die huidige studie blyk dit dat vir die totale groep kinders, vind kindermishandeling en –verwaarlosing beduidend meer in die middag plaas, terwyl seuns beduidend meer in die aand mishandel is teenoor meisies wat weer beduidend meer in die oggend mishandel is. Wat verder hierby aansluit, is dat die oortreder van fisiese mishandeling teenoor seuns meestal die seuns se vaders is. Hierdie bevinding word sterk ondersteun deur Dawes et al. (2006) se studie, aangesien die navorsers gevind het dat die meeste oortreders van fisiese kindermishandeling gewoonlik bekend is aan die kind. Verder het dieselfde navorsers ook gevind dat dit meestal die kind se vader is wat verantwoordelik is vir fisiese mishandeling. Laastens is daar ook bevind dat seuns wat mishandel word 'n beduidende groter kans het dat hul vader alkohol misbruik. 'n Moontlike verklaring waarom seuns meer in die aand mishandel word teenoor meisies wat weer meer in die oggend mishandel word, kan dus wees dat, wanneer die vaders in die aand by die huis kom, hulle heel moontlik begin drink om van verskeie stressors in hul lewens te vergeet. Soos alkoholinname vermeerder, verminder die vader se inhibisies en uiteindelik haal die vader sy frustrasies op sy seun uit, eerder as op sy dogter. Wat hierby aansluit is dat, seuns teenoor meisies se beserings beduidend meer van 'n fisiese aard is, ten spyte van die feit dat daar volgens hierdie studie nie 'n beduidende verskil in die voorkomssyfer van fisiese mishandeling tussen seuns en meisies aangetref is nie. Dit bevestig wel dat oortreders meer fisies optree teenoor seuns as teenoor meisies. Hierdie bespreking word ook bevestig deur McClellan et al. (1997) se resultate waar die navorsers gevind het dat seuns meer gereeld as meisies hardhandig en fisies hanteer word tydens episodes van mishandeling.

Seksuele mishandeling is die tipe mishandeling wat beduidend meer as die ander tipes voorgekom het en dit is in 43% van die gevalle by die huidige studie gerapporteer. Hier is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daar bevind dat meisies beduidend meer as seuns seksueel mishandel word, aangesien 58% van die seksueel mishandelde gevalle meisies was en slegs 26% was seuns. Hierdie voorkomssyfer van seksuele kindermishandeling is effens hoër as wat bevind is in verskeie ander studies, maar oor die algemeen stem die resultate van die meeste studies ooreen dat meisies meer gereeld as seuns seksueel mishandel word. Voorbeelde van die voorkomssyfer van seksuele kindermishandeling, soos gevind in ander studies, wissel tussen 5,3 - 6,7%, 16% en 33,13%. Verder word in verskeie ander studies ook gerapporteer dat meisies in 12,3 - 19,3%; 21% en tussen 25 en 40% seksueel mishandel word terwyl seuns slegs in 1,1 - 5% of 11% van die gevalle seksueel mishandel is (Gore-Felton et al., 2001; May-Chahal & Cawson, 2005; Meston et al., 1999). Dit is dus ook duidelik dat die voorkomssyfer van seksuele kindermishandeling grootliks varieer. Wat egter belangrik is, is dat die huidige studie en ander studies mekaar ondersteun deurdat gevind is dat seksuele kindermishandeling meer gereeld onder meisies voorkom as onder seuns.

Vir beide geslagte was die oortreder van seksuele kindermishandeling in die meeste gevalle 'n bekende persoon. Vir meisies was die mees algemene oortreder hul vader en vir seuns was dit ander seuns. Hierdie bevindinge stem ooreen met dié van verskeie ander studies, aangesien daar meestal gevind is dat meer as die helfte, of twee derdes en selfs 98% van alle oortreders van seksuele kindermishandeling bekend is aan die slagoffer (De Jong et al., 1982; Hilton & Mezy, 1996; Spencer & Dunklee, 1986). In die huidige studie is verder bevind dat die totale groep kinders beduidend meer deur oortreders tussen die ouderdom van 22 en 34 jaar mishandel of verwaarloos is, terwyl seuns teenoor meisies beduidend meer deur oortreders tussen die ouderdom van 13 en 21 jaar mishandel is. Maughan (2006) se bevindings ondersteun hierdie resultate aangesien daar gerapporteer is dat die hoeveelheid kinders wat ander kinders mishandel baie vinnig besig is om toe te neem en dat tussen 25% tot 43% van alle oortreders kinders is. Hiervolgens word hierdie seksuele of geweldadige gedrag van kinders toegeskryf aan die media en verskeie programme op televisie, aangesien die meeste manlike seksuele oortreders wat jonger as 18 jaar is, genoem het dat indien hulle ooggetuies was van fisiese of seksuele mishandeling of indien hulle blootgestel was aan pornografie, dit hulle beïnvloed het om

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

seksueel te oortree. Verdere resultate van die huidige studie wat by bogenoemde aansluit is dat, wanneer seuns deur ander seuns seksueel mishandel word, daar 'n beduidende verskil in die gemiddelde ouderdomme van hierdie oortreders is in vergelyking met ander oortreders van kindermishandeling en -verwaarlosing teenoor seuns. Daar is gevind dat bogenoemde oortreders gemiddeld 12 jaar of jonger is[3]. 'n Moontlike verklaring vir hierdie ouderdomsonvanpaste seksuele gedrag volg.

Erooga en Masson (1999) beskryf 'n model wat die uiting van seksueel onvanpaste gedrag op so 'n vroeë ouderdom probeer verklaar. Hierdie model is gebaseer op die gevolge, effekte en dinamika van seksuele kindermishandeling. Bogenoemde model verduidelik ook die meganisme wat deur kinders gebruik word om ander seksueel te mishandel. Hierdie meganisme is gebaseer op die kind se respons van sy of haar eie ervaring van seksuele mishandeling. Wat hierby aansluit is Lightfoot en Evans (2000) se bevindinge dat kinders wat ouderdomsonvanpaste seksuele gedrag openbaar die gevolg is van persoonlike seksuele ervarings. Wanneer 'n kind seksueel mishandel word, is daar 'n verskeidenheid negatiewe gevolge. Een hiervan is dat seksualisering plaasvind. Wanneer dit gebeur, sal die kind seksueel onvanpaste gedrag openbaar en enige aktiwiteit met seks assosieer. Hierdie seksuele gedrag van die kind word nou verder versterk deur die oortreder wat die kind verbaal beloon. Uiteindelik voel die kind ook dat hierdie seksuele gedrag verskeie sielkundige en fisiologiese voordele inhou. Die gevolg hiervan is dat intieme verhoudings, nabyheid en mag geseksualiseer word. Omdat kinders 'n gevoel van magteloosheid ervaar wanneer hulle seksueel mishandel word, is hulle geneig daartoe om graag in ander situasies te domineer of te beheer. Soos die kind nou probeer om sy of haar eie ervaring te verwerk, oortree hy of sy teenoor 'n volgende slagoffer en word hierdie ouderdomsonvanpaste seksuele gedrag geopenbaar.

'n Tweede manier waarop hierdie ouderdomsonvanpaste seksuele gedrag verklaar kan word, is deur te kyk na faktore wat nie verband hou met ervarings van seksuele kindermishandeling nie. Verder kan bogenoemde gedrag ook verklaar word deur te kyk na faktore wat daartoe bydra dat die kind nie goeie verhoudings kan vorm nie. Hierdie

[3] Sien Hoofstuk 4, tabel 34, p58-59

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

faktore sluit in: onvoldoende sorg deur die primêre versorger, verwerping deur die familie of versorgers, om 'n slagoffer van fisiese geweld te wees en laastens om 'n ooggetuie van enige vorm van geweld te wees (Erooga & Masson, 1999).

'n Derde model wat deur Erooga en Masson (1999) beskryf word, omskryf hierdie seksueel onvanpaste gedrag verder op drie verskillende vlakke. Die eerste vlak is die persoonlike vlak. Hier word faktore soos beperkte kognitiewe vaardighede, sosiale onttrekking, impulsgedragsteuring en 'n geskiedenis van fisiese of seksuele mishandeling ingesluit. Die tweede vlak word as die familiale vlak beskryf. Hier is dit weer faktore soos versorgers wat swak interpersoonlike vaardighede en 'n tekort aan empatie het, of wat die gebruik van seksuele gedrag afdwing, wat sal bydra tot die openbaring van ouderdomsonvanpaste seksuele gedrag. 'n Laaste faktor wat hier 'n invloed het, is familiesisteme wat bogenoemde twee faktore ondersteun. Die laaste vlak is die gemeenskapsvlak. Enige gemeenskap wat antisosiale gedrag van verskillende ouderdomsgroepe, die openbaring van manlike seksuele gedrag of enige ouderdoms-onvanpasste seksuele gedrag deur kinders ondersteun, word by hierdie vlak ingesluit (Erooga & Masson, 1999).

Die resultate oor emosionele kindermishandeling is baie beperk, aangesien daar slegs vyf gevalle (2%) van emosionele kindermishandeling tydens die ondersoekperiode by die Eenheid gerapporteer het. Dit was egter almal meisies en daarom dui die resultate aan dat meisies, in teenstelling met seuns, meer geneig is om emosionele mishandeling te rapporteer. Die voorkomssyfer van emosionele kindermishandeling vir ander studies wissel tussen 5,9%, 'n derde en 90% in totaal. Vir seuns en meisies is dit 4% en 8% onderskeidelik (Freisthler, Needell & Gruenewald, 2005; Kaplan et al., 1999; McGee et al., 1995). In hierdie studies is egter ook nie beduidende verskille tussen seuns en meisies gevind nie en stem dus ooreen met die resultate van die huidige studie, deurdat meisies meer geneig is as seuns om emosionele mishandeling te rapporteer

Die verklaring vir die lae voorkomssyfer van emosionele mishandeling in die huidige studie kan soos volg verklaar word: Kindermishandeling is 'n baie komplekse fenomeen

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en geen een van die tipe mishandelings staan op sy eie nie. Daar is 'n emosionele komponent betrokke by elke tipe mishandeling, maar emosionele mishandeling kan wel sonder fisiese of seksuele mishandeling voorkom. Wanneer die emosionele komponent onderliggend is aan die ander tipe mishandelings word dit nie voldoende gerapporteer nie. En verder konsentreer die meeste kinderbeskermingsdienste eerstens op die fisiese veiligheid van die kind. Die gevolg is dan dat emosionele mishandeling nie voldoende gerapporteer word nie (Hamarman & Bernet, 2000; Kaplan et al., 1999; McGee et al., 1995).

Van al die gevalle wat aangemeld het by die Eenheid het 28% gerapporteer oor verwaarlosing. Hiervan was 41% seuns en slegs 17% meisies. Seuns was weer hier die geslag wat beduidend meer verwaarloos is. Verder is daar ook gevind dat moeders vir beide geslagte die mees algemene oortreder van verwaarlosing was. Die voorkomssyfer van verwaarlosing volgens hierdie studie is egter laer as wat in ander studies gevind is, in totaal en vir beide seuns en meisies. In ander studies is gevind dat verwaarlosing in 80% van die gevalle voorkom. Ten opsigte van seuns en meisies wissel dit onderskeidelik tussen 46 tot 64% en 32 tot 46%. Ander bevindings wat wel ooreenstem met die resultate van die huidige studie is dat seuns meer verwaarloos word as meisies (May-Chahal & Cawson, 2005; McGee et al., 1995; Meston et al., 1999).

Die moontlike rede wat aangevoer kan word vir die lae voorkomssyfer van verwaarlosing in die huidige studie word gestaaf deur McGee et al. (1995) se studie. Hulle het gevind dat verwaarlosing nie 'n fisiese komponent het nie en dus word dit nie voldoende herroep deur kinders nie. Indien ervarings van verwaarlosing nie herroep word nie, kan dit nie gerapporteer word nie en daarom is die voorkomssyfer so laag.

Vir die totale groep kinders was bekende persone, volgens die huidige studie, die mees beduidende oortreders (53%) van kindermishandeling en –verwaarlosing. In 30% van hierdie kategorie was die ouers die oortreders. Vaders was vir 12% en moeders vir 14% van die oortredings verantwoordelik. Die laaste 4% was gevalle waar beide die ouers oortreders was. Moeders was volgens hierdie resultate statisties beduidend meer geneig

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daartoe om seuns te verwaarloos as om meisies te verwaarloos. Die rede hiervoor is egter nie duidelik nie. In teenstelling hiermee het vaders nie onderskeid getref tussen die seuns en meisies nie. Vaders was egter wel die mees algemene oortreder van fisiese mishandeling van kinders, teenoor die moeder wat weer meer dikwels die kinders verwaarloos het.

In 'n studie deur Maker, Shah en Agha (2005) is gevind dat beide ouers verantwoordelik kan wees vir kindermishandeling en -verwaarlosing, maar dat die ouers van verskillende vorms van mishandeling gebruik maak. Watter vorm gebruik word, hang af van kulturele norme en die tipe gedrag wat aanvaarbaar is vir elke geslag binne die betrokke kultuur. Die huidige studie het verder bevind dat, vir die totale groep kinders, kom kinders wat mishandel en verwaarloos word beduidend meer uit wonings waar die inkomste tussen R1 000 en R2 500 per maand is, terwyl hulle ook beduidend meer in huise woon waar daar meer as drie en minder as agt mense woon. Wat hierby aansluit, volgens die huidige studie, is dat die moeders van kinders wat mishandel en verwaarloos word beduidend meer nie werkend is nie, terwyl hulle vaders wel werkend is. Dit dui daarop dat die meeste van hierdie gevalle vanuit 'n lae sosio-ekonomiese omgewing kom en gevolglik kan daar 'n tekort aan hulpbronne wees. Moeders, wat as die primêre versorgers beskou word, kan daarom maklik beskuldig word van verwaarlosing aangesien hul nie die nodige hulpbronne vir voldoende versorging van hul kinders tot hul beskikking het nie.

Kontrasterend met bogenoemde dat moeders meer geneig was daartoe om hul seuns te mishandel, is daar ook gevind dat moeders beduidend meer die verhouding wat hulle met hulle kinders het as goed beskryf. Daar is twee moontlike verklarings hiervoor. Eerstens: wanneer die kinders by die Eenheid aanmeld, word hulle gewoonlik vergesel deur hul moeders. Die moeders vul gewoonlik die vraelyste saam met 'n maatskaplike werker in. Dit is nou moontlik dat die moeder voorgee dat die verhouding wat sy met haar kind het, beter is as wat dit in werklikheid is. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat die moeder bang is vir enige negatiewe gevolge wat kan ontstaan as sy vir die maatskaplike werkers sê sy het nie 'n goeie verhouding met haar kinders nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bogenoemde verskynsel kan volgens Bowlby se toerie, soos uiteengesit in Sternberg, Lamb, Guterman, Abbot en Dawud-Noursi (2005), verklaar word. Wat hierdie uiteensetting verder staaf, is die bevindinge van twee ander studies deur Cortes et al. (1994) en Toth, Cicchetti, Macfie en Emde (1997). In hierdie studies is gevind dat daar 'n verskeidenheid faktore is wat 'n invloed het op die kind se persepsie van die verhouding tussen hom en die ouer en hoe hierdie persepsie met verloop van tyd verander. Verder beïnvloed hierdie faktore ook die bindingsverhouding wat vorm tussen die kind en die ouer. Bogenoemde faktore sluit in of die kind 'n slagoffer of ooggetuie van mishandeling was, of mishandeling wel plaasgevind het of nie en in watter stadium van die kind se lewe dit wel plaasgevind het. 'n Laaste belangrike faktor wat hier 'n rol speel, is wie verantwoordelik was vir die oortreding. Die kind se ervaring van mishandeling en die verskillende faktore wat betrokke is, lei dan daartoe dat die kind se bindingsverhouding en die persepsie van hierdie verhouding met die ouer mettertyd kan wissel op 'n kontinuum van goed tot sleg.

Wanneer kinders mishandel word, ontwikkel daar gewoonlik 'n onsekere bindingsverhouding, maar die kind is egter in staat daartoe om hom- of haarself te beskerm teen die negatiewe emosionele gevolge van mishandeling. Hul doen dit deur verkeerde interne voorstellings te vorm van die ouer wat hulle mishandel. Terselfdertyd is die kind in staat daartoe om 'n veilige bindingsverhouding te vorm met die ouer wat nie verantwoordelik is vir die mishandeling nie. Verder is die kind ook in staat daartoe om positiewe eienskappe en gevoelens te erken en uit te druk ten spyte van 'n geskiedenis van mishandeling (Sternberg et al., 2005). Die feit dat kinders in staat is daartoe om positiewe gevoelens teenoor die ouer wat hulle mishandel, uit te druk, dien dus as 'n verklaring vir die verskynsel dat die verhoudings tussen die moeders en kinders as sorgsaam beskryf kan word, ten spyte van mishandeling wat plaasvind.

Die huidige studie is een van min studies wat ondersoek ingestel het rondom die plek van mishandeling. Die resultate dui aan dat 69% van alle gevalle by 'n huis plaasgevind het. Hierdie bevinding dui daarop dat die voorvalle van kindermishandeling en verwaarloosing beduidend meer by die huis voorgekom het, as by enige ander area. Hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

syfer is egter baie hoog, aangesien die huis gewoonlik as 'n veilige heenkome beskou word. Verskeie studies kan met hierdie resultate vergelyk word. May-Chahal en Cawson (2005) het gevind dat 78% van die voorvalle by die huis plaasvind. Net so het Dawes et al. (2006) in hul studie gevind dat die meeste van die voorvalle by die huis plaasvind. Hierdie resultate stem min of meer ooreen met die huidige studie se resultate, maar De Jong et al. (1982) se resultate kontrasteer met die van die huidige studie, aangesien hulle gevind het dat minder as 50% van die voorvalle by die huis plaasgevind het.

De Jong et al. (1982), Finkelhorn, Moore, Hamby en Straus (1997), Freisthler et al. (2005) en Lewis (1999) het gevind dat substansmisbruik deur ouers, armoede en die ouderdom van kinders wat mishandel word, almal faktore is wat die kind se risiko om by die huis mishandel te word, verhoog. Die huidige studie het bevind dat, vir die totale groep kinders, misbruik beide die moeders en die vaders beduidend meer alkohol as wat hulle eninge ander substans misbruik, hulle kom beduidend meer uit wonings waar die inkomste minder as R2 500 per maand is, hulle woon beduidend meer in wonings waar daar tot agt mense woon en laastens was die kinders ook gemiddeld redelik jonk. Aangevoerde redes is 'n moontlike verklaring hoekom so baie van die kinders by die huis mishandel is.

Die resultate van hierdie studie dui aan dat slegs 'n klein hoeveelheid van die totale aantal gevalle die saak by die polisie aangemeld het[4]. Meisies het ook hier beduidend meer gereeld as die seuns die voorval by die polisie gaan aanmeld. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan aan die hand van onthulling gedoen word. Volgens 'n verskeidenheid studies is seuns minder geneig daartoe om enige voorval van mishandeling te onthul. Seuns vind dit baie moeilik om te praat oor mishandeling. Die redes hiervoor is dat hul bang is vir die gevolge van onthulling. Hulle is bang hulle verloor hulle manlikheid, hulle onafhanklikheid; verder vrees hulle ook die stigma verbonde aan mishandeling en veral seksuele mishandeling (Elliott & Peterson, 1993; Heger, Ticson, Velasquez & Bernier, 2002; Holmes & Slap, 1998). Die feit dat seuns dit

[4] Sien Hoofstuk 4, tabelle 19 en 20, p43-44

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

so moeilik vind om te praat oor mishandeling, lei daartoe dat hulle swyg oor die voorval en dus nie die voorval gaan aanmeld by die polisie nie.

5.2 METODOLOGIESE TEKORTE WAT DIE STUDIE KON BEÏNVLOED

Hierdie studie was 'n navorsingstudie waar argiefmateriaal nagevors is. Daar is egter sommige metodologiese prosedures wat die resultate van die studie kon beïnvloed. Eerstens kon daar nie 'n kontrolegroep gekies word nie, aangesien kinders wat nie mishandel word nie, nie by die hospitaal sal aanmeld nie en dus nie inligting rondom hul ervarings kan verskaf nie. Tweedens kon die navorser nie voorsiening maak vir enige bevooroordeeldheid wat die maatskaplike werkers kon hê met die invul van die vorms en die onderhoude wat met die ouers gevoer is nie.

Metodologiese prosedures wat egter die data ondersteun, is dat 'n groot aantal lêers beskikbaar was vir die studie. Hierdie lêers het deeglike informasie rondom die mishandeling van die kinders ingesluit en roetine administrasieprosedures is gevolg, al kon daar nie noodwendig voorsiening gemaak word vir enige bevooroordeelde gevoelens van die maatskaplike werkers nie. Verder was daar baie inligting rondom die verskeie veranderlikes wat ondersoek is, beskikbaar.

5.3 AANBEVELINGS

Eerstens sal 'n universele definisie van kindermishandeling en -verwaarlosing opgestel moet word, sodat daar groter eenheid in die literatuur kan ontstaan oor die voorkomssyfer van kindermishandeling en -verwaarlosing. Gevolglik sal daar dan beter intervensiestrategieë opgestel kan word. Tweedens sal die Eenheid 'n poging moet aanwend om veral die bekendstellingsvorms meer volledig in te vul, sodat die kwaliteit van toekomstige navorsing verbeter kan word. Indien dit gedoen word, sal daar 'n beter begrip van die omvang van die probleem ontwikkel kan word, wat weer aanleiding sal gee tot beter voorkomingstrategieë.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGSLYS

Astie, F., Halperin, D.S., Bouvier, P., Jaffe, P.D., Mounoud, R.L., Pawlak, C.H., Leaderarch, J., & Wicky, H.R (1996). Prevelance of Child Sexual Abuse among adolescents in Geneva: results of a cross sectional survey. *British Medical Journal*, 312 (7042), 1326-1329.

Bentovim, A., Boston, P., & Van Elburg, A. (1987). Child sexual abuse – children and families referred to a treatment project and the effects of intervention. *British Medical Journal*, 295, 1453-1457.

Bouvier, P., Halperin, D., Rey, H., Jaffe, P.D., Laederach, J., Mounoud, R., & Pawlak, C. (1999). Typology and correlates of sexual abuse in children and youth: Multivariate analyses in a prevalence study in Geneva. *Child Abuse and Neglect*, 23(8), 779-790.

Conte, J.R., & Schuerman, J.R. (1987). Factors associated with an increased impact of child sexual abuse. *Child Abuse and Neglect*, 11 (2), 201-211.

Cortes, M., Dawud, S., Greenbaum, C., Lamb, M.E., Lorey, F., & Sternberg, K.J. (1994). The effects of domestic violence on children's perceptions of their perpetrating and nonperpetrating parents. *International Journal of Behavioral Development*, 17, 779-795.

Dawes, A., Long, W., Alexander, L., & Ward, C.L. (2006). *A situation analysis of children affected by maltreatment and violence in the Western Cape. A report for the research directorate, Department of Social Services and Poverty Alleviation: Provincial Government of the Western Cape.* Human Sciences Research Council.

De Jong, A.R., Emmit, G.A., & Hervada, A.A. (1982). Epidemiological factors in sexual abuse of boys. *American Journal of Disease of Child*, 136 (11), 990-993.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Doyle, C (1997). Emotional abuse of children: issues for intervention. *Child Abuse Review*, 6, 330-342

Dubowitz, H., Pitts, S.C., Litrownik, A.J., Cox, C.E., Runyan, D., & Black, M.M (2005). Defining child neglect based on child protective service data. *Child Abuse and Neglect*, 29 (5), 493-511.

Elliott, A.J., & Peterson, L.W. (1993). Maternal sexual abuse of male children, When to suspect and how to uncover it. *Postgraduate Medicine*, 94(1), 169-180.

Erooga, M., & Masson, H. (1999). *Children and young people who sexually abuse others: Challenges and responses.* England and New York: Routledge

Finkelhorn, D., Moore, D., Hamby, S.L., & Straus, M.A. (1997). Sexually abused children in a national survey of parents: Methodological issues. *Child Abuse and Neglect*, 21(1), 1-9.

Freisthler, B., Needell, B., & Gruenewald, P. J. (2005). Is the physical availability of alcohol and illicit drugs related to neighborhood rates of child maltreatment? *Child Abuse and Neglect*, 29 (9) 1049-1060.

Gilder, S.S., (1986). The sexual abuse of children (Editorial). *SAMJ*, 70, 648

Gore-Felton, C., Koopman, C., McGarvey, E., Hernandez, N., & Canterbury, R.J. (2001). Relationships of Sexual, Physical and Emotional Abuse to Emotional and Behavioral problems among Incarcerated Adolescents. *Journal of Child Sexual Abuse*, 10 (1), 73-88.

Guidry, H.M. (1995). Childhood sexual abuse: Role of the family physician. *American Family Physician*, 51(2), 407-414.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hamarman, S., & Bernet, W. (2000). Evaluating and reporting Emotional abuse in children: Parent-Based, Action-Based focus Aids in clinical decision-making. *Journal of the American Academy of Child & Adolescent Psychiatry,* 39 (7), 928-930.

Hammerman, S., & Bernet, W. (2000). Researcher offers an operational definition of emotional abuse. *The Brown Child and Adolescent University Behavior Letter*, 16 (12).

Hasket, M.E., Marziano, B., & Dover, E.R. (1996). Absence of males in maltreatment research: A survey of recent literature. *Child Abuse and Neglect*, 20(12), 1175-1182.

Heger, A., Ticson, L., Velasquez, O., & Bernier, R. (2002). Children referred for possible sexual abuse: medical findings in 2384 children. *Child Abuse and Neglect*, 26 (6-7), 645-659.

Hilton, M.R., & Mezy, G.C. (1996). Victims and perpetrators of child sexual abuse. *British Journal of Psychiatry*, 169 (4), 408-415.

Hobbs, C.J., & Wynne, J.M. (1987, October 10). Child sexual abuse – An increasing rate in diagnosis.*The Lancet,* p837-841

Hobbs, C.J., & Wynne, J.M. (1990). The sexually abused battered child. *Archives of Disease in Childhood*, 65 (4), 423-427.

Holmes, W.C., & Slap, G.B. (1998). Sexual abuse of boys. Definition, Prevalence, Correlates, Sequelae, and management. *JAMA*, 280 (21), 1855-1862.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kaplan, S.J., Pelcovitz, D., & Labruna, V. (1999). Child and Adolescent abuse and neglect research: A review of the past 10 years. Part 1: Physical and Emotional abuse and neglect. *Journal of the American Academy of Child & Adolescent Psychiatry*, 38 (10), 1214-1222.

Lewis, S. (1999).
An adults guide to childhood trauma. Understanding traumatized children in South Africa. South Africa: Claremont.

Lightfoot, S., & Evans, I.M. (2000). Risk factors for a New Zealand sample of sexually abusive children and adolescents. *Child Abuse and Neglect*, 24 (9), 1185-1198.

Louw, H.M., Schaaf, H.S., Barnes, J.M., Dhansay, S., & Van Schalkwyk, H.J.S. (1999). Child abuse and neglect: Social work experience at Tygerberg Hospital. *Maatskaplike Werk*, 35 (4), 301-312.

Maker, A.H., Shah, P.V., & Agha, Z. (2005). Child physical abuse: Prevalence, Characteristics, Predictors and Beliefs About Parent-Child Violence in South Asian, Middle Eastern, East Asian, and Latina Women in the United States. *Journal of Interpersonal Violence*, 20 (11), 1406-1428.

MacKinnon, L.K. (1998).
Trust and betrayal in the treatment of child abuse. New York: Guilford.

Mash, E.J., & Wolfe, D.A. (2002).
Abnormal Child Psychology (2nd ed.). USA: Wadsworth

Maughan, K. (2006, Oktober 23). Child on Child Violence out of Control. *Cape Times*, p1 en 3

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

May-Chahal, C., & Cawson, P. (2005). Measuring child maltreatment in the UK: A study of the prevalence of child abuse and neglect. *Child Abuse and Neglect*, 29 (9) 969-984.

McClellan, J., McCurry, C., Ronnei, M., Adams, J., Storck, M., Eisner, A., & Smith, C. (1997). Relationship between Sexual Abuse, Gender, and Sexually Inappropriate Behaviors in Seriously Mentally Ill Youths. *Journal of the American Academy of Child & Adolescent Psychiatry*, 36 (7), 959-965.

McGee, R.A., Wolfe, D.A., Yuen, S.A., Wilson, S.K., & Carnochan, J. (1995). The measurement of maltreatment: A Comparison of approaches. *Child Abuse and Neglect*, 19 (2), 233-249.

Meston, C.M., Heiman, J.R., Trapnell, P.D., & Carlin, A.S. (1999). Ethnicity, Desirable Responding and Self-reports of abuse: A Comparison of European and Asian-Ancestry Undergraduates. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 67 (1), 139-144.

Morgan, A. (1999). *Once upon a time…… Narrative therapy with children and their families.* South Australia: Dulwich.

Morrow, J., Yeager, C.A., & Lewis, D.O. (1997). Encopresis and sexual abuse in a sample of boys in residential treatment. *Child Abuse and Neglect*, 21(1), 11-18.

Olsson, A., Ellsberg, M., Berglund, S., Herrera, A., Zelaya, E., Pena, R., Zelaya, F., & Persson, L.A. (2000). Sexual abuse during childhood and adolescence among Nicaraguan men and women: a Population based anonymous survey. *Child Abuse and Neglect*, 24(12), 1579-1589.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Putman, F, W. (2003). Ten-year research update review: Child sexual abuse. *Journal of the American Academy of Child & Adolescent Psychiatry*, 42 (3), 269-278.

Reinhart, M.A. (1987). Sexually abused boys. *Child Abuse and Neglect*, 11 (2), 229 235.

Saddock, B. J., & Saddock, V.A. (2003). *Kaplan & Sadock's Synopsis of Psychiatry: Behavioral Sciences, Clinical Psychiatry* (9th Edition). USA: Lippincott Williams & Wilkons

Schacht, A.J., Kerlinsky, D., & Carlson, C. (1990). Group therapy with sexually abused boys: Leadership, Projective identification, and countertransference Issues. *International Journal of Group Psychotherapy*, 40(4), 401-417.

Shipman, K., Edwards, A., Brown, A., Swisher, L., & Jennings, E (2005). Managing emotion in a maltreating context: A pilot study examining child neglect. *Child Abuse and Neglect*, 29, 1015-1029

Spencer, M.J., & Dunklee, P. (1986). Sexual abuse of boys. *Pediatrics,* 78(1), 133 138.

Sternberg, K. J., Lamb, M.E., Guterman, E., Abbot, C. B., & Dawud-Noursi, S. (2005). Adolescents' perceptions of attachments to their mother and fathers in families with histories of domestic violence: A longitudinal perspective. *Child Abuse and Neglect*, 29 (8), 853-869.

Toth, S.L., Cicchetti, D., Macfie, J., & Emde, R.N. (1997). Representations of self and other in the narratives of neglected, physically abused, and sexually abused preschoolers. *Development and Psychopathology*, 9 (4), 781-796.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tyler, S., Allison, K., & Winsler, A (2006). Child neglect: Developmental consequences, intervention and policy implications. *Child and Youth Care Forum*, 35 (1), 1-20

Wells, R., McCann, J., Adams, J., Voris, J., & Dahl, B. (1997). A validational study of the structured interview of symptoms associated with sexual abuse (SASA) using three samples of sexually abused, allegedly abused, and nonabused boys. *Child Abuse and Neglect*, 21(12), 1159-1167.

Yanowitz, K.L., Monte, E., & Tribble, J.R. (2003). Teachers' beliefs about the effects of child abuse. *Child Abuse and Neglect*, 27, 483-488